# *Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God 2*

Laat ons net 'n oomblik bly staan terwyl ons ons hoofde buig vir gebed. Ek wonder, terwyl ons ons hoofde gebuig het, of daar enige hierbinne sou wees wat onthou wil word in gebed, laat dit net bekend wees soos jy jou hande oplig, en sê: "God, wees my genadig, ek het 'n groot behoefte vanaand."

2 Ons Hemelse Vader, ons nader U troon, U groot troon van genade, in die Naam van die Here Jesus, ons Verlosser. Ons nader so omdat Hy vir ons gesê het om so te kom en ons sal ontvang waarvoor ons vra. En ons is so bly om te weet dat ons in ons harte kan rus op daardie versekering, dat wat U sê, U in staat is om te doen. Want vanaand voel ons dat ons, deur geloof, Abraham se Saad is, en enigiets teenstrydig met God se Woord ons maak asof dit nie was nie, want God het die waarheid gesê, en ons glo Hy het die waarheid, en Hy is die Waarheid.

3 Nou, ons bid vir hulle wat hulle hande opgesteek het, elke hand, Here. U weet wat hulle nodig gehad het, U weet wat in die hart was, die presiese gedagte in hulle gemoed toe hulle hulle hand opgesteek het. Ek bid dat U hulle sondes sal uitwis, hulle siekte sal uitwis, vir hulle die begeerte van hulle hart sal gee, Here. En mag hulle lang, gelukkige lewens hier lei, indien moontlik, om die Koms van die Here die tweede keer te sien.

4 Ons bid dat U die Woord sal seën vanaand, soos ons gemeenskap hou Daaroor, terwyl ons vanaand praat oor daardie groot geweldige ding van reg voor ons deur, wat nou aangaan in ons stede, en om die wêreld. Ons bid dat U ons sal gee van U Woord, U salwing, Here, dat ons net mag weet hoe om te praat as die orakels van God. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

5 Mag sit. Dis een groot en wonderlike ding om na die huis van die Here toe te kom. En ons het hierdie diens so geniet hier in die kerk saam met ons Broer Buntain en die geassosieerde predikers in—in hierdie groot gemeenskap wat ons gehad het, en al die mense, al die lekedom, en van die verskillende kerke, elke geloofsbelydenis, ras, en soort.

6 Toe ek van die platvorm afgekom vanaand, het ek net 'n paar van my vriende ontmoet, ek het Broer Allcock hier ontmoet, die eerste keer wat ek hom in jare gesien het. Ek onthou die eerste keer toe ek in Edmonton, Kanada was, ek dink jy was daarbo by ons gedurende daardie diens. 'n Broer van Holland hier oorkant, lekker om hom te sien, en die verskillendes langs die pad.

7 En ek weet elkeen van julle. . .Ek wil graag tyd hê om julle hand te skud, en huis toe te gaan en te kyk hoe. . .Ek weet jou vrou is die beste kok wat daar in die land is, ek weet dit net, so ek glo dit. En so wil ek graag saam met julle huis toe gaan, maar, ek glo ek het omtrent veertien jaar gelede so-iets gesê in Kanada, maar ek—ek verwag om dit te doen een van hierdie dae oorkant in die groot Millennium, waar ons net baie tyd kan hê, nie hoef op te skud nie, kinders nie gaan seerkry nie, daar geen, niks kan wees om enigiets te skaad nie.

8 En ek het gedink om af te gaan, ek—ek hou van berge, en ek dink aan gedurende die Millennium, ek net graag 'n paar miljoen jaar sou wou spandeer om net oor die berge rond te swerf, net rond te kyk, ek—ek hou daarvan.

9 Ek—ek dink aan om 'n suster raak te loop daar in die berge, miskien was sy daar vir miljoen jaar, wat net aanstap, net hoe 'n dame sal, julle weet, met soos, met 'n hondjie, of iets, maar sy sou saam met 'n groot tier loop, of iets, ek sou sê: "Aangename kennis, Suster?"

Wel, sy sou sê: "Jy's Broer Branham."

"Ja."

"Aangename kennis? Baie bly om jou te sien."

"Hoe lank sou jy nou dink, as jy tyd getel het, dat jy hierbuite sou wees, as so-iets soos tyd was."

10 "O, 'n paar miljoen jaar, dis al wat dit is, het 'n klein wandeling geneem." O, sou dit nie wonderlik wees nie? En dis nie net een of ander soort van 'n denkbeeldige droom nie, dis die waarheid, dis waar, dis regtig waar. Ons gaan Iewers heen, sal iemand wees wanneer ons daar kom, ek—ek hou daarvan.

11 Nou, gisteraand was ons in die Boek van Openbaring, en gepraat oor *Die Seël Van God En Die Merk Van Die Dier*, en ek het hulle albei bymekaar gesit. Terloops, ek het 'n paar Skrifte uitgeskryf gehad, ek het hulle op die hoteltafel laat lê, en Billy het hulle gaan haal, en ek—ek het uitgegaan, ek het hom hoor blaas, my roep. En so het ek gedink terwyl hy afgegaan het om my Skrifte te kry, ek graag 'n bietjie wil hersiening doen van gisteraand, en ook 'n paar aankondigings maak.

12 Nou, ek het drie boodskappe om môre te preek, so, en ek. . . Julle rookmis is regtig nie te goed vir my keel nie, en, regtig, dit raak erg. En môre-oggend is ek veronderstel om die uitsending te hê by die Volle Evangelie Sakemanne se Ontbyt by Clifton se Kafeteria, ek dink dis in Broadway, Broadwaystraat, daar's twee van hulle daar, hierdie is 7de en Broadway, waar die gewone ontbyt gehou word. En ek—ek praat by die. . .oor die uitsending, en dan onmiddellik na die uitsending, wil ek—ek die—die liggaam van gelowiges daar toespreek; dis môre-oggend.

13 En dan môre-aand, weer hier by die—die tabernakel, of die kerk, liewer. En, môre-aand, dink ek behoort ons, hier in die kerk af te sluit, sou dit goed wees as ons môre-aand 'n gebedsry gehad het. Dink julle so? Na—na die boodskap, dan 'n gebedsry te hê. So ek sal kêrels afstuur môre-aand presies sesuur, sodat hulle nie sal inmeng met die res van die diens, en die gebedskaartjies uitdeel nie, en ons sal die gebedsry môre-aand roep en vir almal daar bid, nou, vir die genesing van hulle liggame.

14 En dan Sondagmiddag, is by die munisipale ouditorium, die hoofouditorium, ek dink dis 'n yslike groot plek. En ons hoop julle bring 'n paar vriende saam met julle, want ek dink dit het sitplek vir omtrent vyf-en-veertighonderd, of so-iets. Die laaste keer wat ek daar was, was dit omtrent twaalf, veertien jaar gelede, Broer Charles Fuller het dienste daar gehou op daardie tyd, groot Christen. Ek is seker almal van julle ken Broer Fuller van hier. En. . . ['n Broer sê: "Sondagaand."—Red.] (Wat?) ["Sondagaand."] Sondagaand, ja. Sondagaand om seweuur, dink ek is dit, en dan, dis hierdie komende Sondagaand, die afsluiting van die veldtog.

15 Dan gaan ons van daar af na bo in Vens-. . . ['n Broer sê: "Visalia."—Red.] Visalia. O, goeiste, party van hierdie name hierrond! Hulle almal daar oorkant is alles G's, H en—en al hierdie Sint, en Sint, en soos hierdie San *Jose* hierbo, klink dit vir my. Hulle sê vir my dis 'n. . .

16 Het eenkeer 'n kêrel daar hoor opkom, en (terwyl ek vir Billy wag) het hy gesê: ingegaan, hy het gesê: "Dame, kan jy my sê," was in 'n restaurant: "waar Sint *Jose* is?"

Gesê: "Wat?"

Gesê: "San *Jose*."

"Nie so 'n plek nie."

Gesê: "Hier is dit, net hier op die kaart."

Gesê: "Dis San Jose."

En hy het gesê: "O."

Gesê—gesê: "Van waar is jy?"

Hy het gesê: "Kentucky."

Sy het gesê: "Wel, hierbuite," gesê: "is al die J's, H's."

"Wel," gesê: "Daar in Kentucky noem ons *J*, *J* en *H*, *H*." Gesê: "Ek—ek weet nie hoe julle dit hierbuite doen nie," het hy gesê.

Sy het gesê: "Ek sien jy's in die diens."

Hy het gesê: "Ja, mevrou."

Sy het gesê: "Wanneer tree jy uit die diens?"

17 Hy het gesê: "O, omtrent in *Hunie* of *Hulie*, een, reken ek." Hy het sommer gou gesnap, in Junie of Julie, hy het gesê: "*Hunie*

of *Hulie*.” So, al hierdie Spaanse name, ek kry hulle almal deurmekaar.

18 So, maar hierdie is Ven-. . . waar dit ook al is, daarbo, dis iewers tussen Fresno en Bakersfield. En dan het ons vir ons die borgskappe gekry, die predikersgroep daarbo, en ons het vyf aande, vanaf die 22ste tot Sondag. (Dankie.) En ek het vyf aande van dienste. En ons is. . . Enige van julle vriende daarrond, wel, ons sal bly wees dat—dat hulle kom en ons kom besoek, ons—ons sal waardeer as hulle kom.

19 Nou, die. . . wanneer ons vertrek, wil ons nie hê julle moet net ophou kerk toe kom, nou nie, ons wil hê julle moet net aanhou kom, net reguit aanhou kom, in elk geval. As ek hierrond gewoon het, ek, miskien sou hierdie waarskynlik my kerktuiste net hier gewees het, as ek hier gewoon het, net hier gewees het. Ek hou daarvan, dis ’n wonderlike, klein kerkie, julle het ’n lieflike, pastoortjie hier. En ek is seker dat enige man wat die Volle Evangelie verkondig, ek daar verteenwoordig sou wees, want dis wat ek glo. Niks teen enige van die res van hulle nie, maar net vir my, my—my smaak, sou dit my assosiasie wees.

20 Nou, moet nou nie die aankondigings vergeet nie, môre-oggend, Clifton se Kafeteria. Julle wat daarbo is, of inskakel, reken ek. . . Is dit ’n regstreekse uitsending, of word dit opgeneem, of weet julle? Dis ’n regstreekse uitsending, en môre-oggend. En ek weet nie oor watter stasie dit kom nie. Maar dan reken ek die broer hier, het jy nie ook ’n uitsending hier nie, broer, op Sondag, of is dit? Nee, geen uitsending nie. En ander predikers, ons waardeer hierdie goeie predikersgroep wat ons gehelp het, en, hier in die dienste, baie van hulle mense kom. En ek—ek waardeer beslis hierdie manne. Ek wil iets hier vir hulle sê.

21 En ek—ek het hard probeer, en met my kosbare, vriendjie gepraat oor om hierdie diens onder by die munisipale ouditorium te neem, ek het. Maar hy het ’n gevoel gehad vir die mense wat gesê het hulle moes staan, ensovoorts. Maar hier’s die rede waarom ek dit nie wou hê nie, Broer. Nou, ek weet dat julle my partykeer hierdie denominasies hoor tugtig, maar dis nie die manne wat in daardie denominasies is nie, dis—dis net die denominasie self. Nou, ek besef dit, dat as ons môre-aand soontoe gaan, dit. . . wat as. . .

22 As ons volle samewerking met al die predikers gehad het, sou dit lekker wees om soontoe te gaan, dis reg, maar, of ek bedoel Sondag, verskoon my, as ek. . . ons volle samewerking gehad het, al die predikers, waar hulle hulle kerke sou sluit, ensovoorts. Maar om soontoe te gaan, sommige van die mense wat siek is, gaan afkom om voor gebid te word, en miskien het die predikers dit nie voor die tyd geweet nie, so hulle het hulle eie programme vir daardie aand gekry. En ek—ek hou nie daarvan om dit te doen

nie, broers, ek, dis eerlikwaar, ek—ek hou nie daarvan om dit te doen nie, want, in elk geval, hierdie kombers strek oral, na beide kante toe, julle weet. Dis reg.

23 En ek het, as enigiets waarvoor ek respek het, is manne van God, diensknegte van God. En, partymaal, as. . . Vind jy die agterdogtigste mense in die wêreld, is predikers, dis reg, hulle is die agterdogtigste van hulle almal. Maar ek—ek wil sê hoekom, want hulle is herders. Dis reg. Hulle pas hulle skape op, sien, hulle het 'n reg om agterdogtig te wees, en te wag en kyk. Maar wanneer julle die Woord en God sien saamwerk, is dit die tyd om daarmee in te beweeg, julle sien, wanneer, die Woord en God bymekaar sien kom.

24 So ek wou net hê die predikerbroers moet weet dat die rede dat dit daaronder was is omdat die broer gedink het dat dit miskien mense 'n kans sou gee, almal van hulle, om te kan sit, sy hart is reg daaroor, ek sien wat hy bedoel, maar vir my, ek wou net, net hier in die kerk net hier bly, en voortgaan. Maar hy het Sondagaand gesê daar was soveel weggewys, en—en dan om aan te kondig, ook, vir genesingsdienste, sou dit nog meer laat inkom.

So nou, môre-aand, wees hier om sesuur, en ons sal 'n—'n gebedsry môre-aand hê, as die Here wil.

25 Vir my, soos ek daaroor voel, sou ons elke aand 'n gebedsry hê, sien, want: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nie een aand, in die laaste drie of vier aande nie, waar die Heilige Gees nie in die diens onder ons ingekom het, onder die mense ingegaan en hulle geroep het, hulle vertel het wie hulle is, waar hulle vandaan kom, wat hulle doen, ensovoorts, en wat verkeerd is, en wat sal gebeur, en alles soos daardie nie.

26 En dan mense, die geloof dan opkom in die mense, sê ek: "Nou, hoeveel hier is gelowiges?" Hande regoor die gebou gaan op. "Lê nou jou hande op iemand, moenie vir jouself bid nie, maar bid vir hulle, want hulle sal vir jou bid." Sien?

27 Wel nou, as dit nie Skriftuurlik is nie, weet ek dit nie. "Bely julle foute teenoor mekaar, en bid vir mekaar. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Sien? Dis Skrif. So ek voel dat elke aand, vir elke persoon gebid word, en het hande op hulle gelê, elke aand, ek het.

28 Nou, my hande sou niks meer as enigiemand anders se hande wees nie, dis net—dis net nog 'n man, maar dis God se hand wat jy op jou wil hê. En Hy het gemaak, Dis God wat die belofte gemaak het. "As julle. . . Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis net wat God belowe het, dan van daar af, neem ons net, net van daar af.

29 Nou, terug na ons Skrif en na ons les. Het, Broer Borders, het jy die Skrif gelees? Goed. Ek hou daarvan om te hoor dat die Bybel gelees word. Openbaring, ek het reguit soontoe geblaai, die 7de hoofstuk is waaruit ons gaan praat, meestal, vanaand, veronderstel ek. Nou, laat ons gisteraand net 'n bietjie hersien.

30 Nou, ons onderwerp is hierdie. . . Ons het gehad, eers het ons genesingsdienste gehad, en toe het ons in Evangelie predikingsdienste ingegaan, en nou het ons twee aande van onderrig, en môre-aand en Sondagaand is genesingsdienste.

31 Nou, gisteraand het ons begin onderrig oor die twee onderwerpe, wat ek gedink het baie noodsaaklik was. En ek sou niks hieroor sê tensy ek gedink het dit was nodig nie. Sien? Eerste ding is om die Kerk te waarsku, dis waarvoor die wagter op die toring staan. Wanneer hy die vyand sien kom, dan hulle wat in die stad is te waarsku. En dan as die wagter nie waarsku nie, dan sal God die bloed van die stad van sy hand vereis. Dis reg. Maar as hy wel waarsku, en die mense nie ag gee nie, dan is hulle eie bloed op hulle.

32 En dis waarom ek dit net—net uitlê soos dit *Hier* geskryf is. Sien? En dan hang dit van julle af, en by die Oordeelsdag wil ek hê, wanneer ek heengaan uit hierdie wêreld, as ek steeds by my bewussyn is en gaan, wil ek in staat wees om te sê, soos Paulus: "Daar's geen mens se bloed op my hande nie, want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig, soos ek dit ken nie," net soos dit is.

Dankie vir julle briewe van—van kommentaar en dinge, ek waardeer hulle beslis baie.

33 Nou, *Die Merk Van Die Dier, Die Seël Van God*. Nou, hoeveel was hier gisteraand? Laat ons sien, was, was in die klas. O, omtrent almal, veronderstel ek. Goed. Nou, daarom om 'n bietjie agtergrond te kry waarheen ons vanaand daarmee gaan. Nou, ek moes albei van die onderwerpe neem en hulle bymekaar sit, want hulle loop parallel met mekaar.

34 En ons vind uit, ek het aangekondig wat ek gedink het wat hulle was aan die begin, en gebruik nou die Skrif om te bewys dat ek dink dat dit reg is. Ek dink dat die Seël van God die Heilige Gees is, die Bybel ondersteun dit, die merk van die dier is om die Heilige Gees te verwerp. Daar is net twee klasse mense, en aan die kant van verlossing en verwerping begin in Génesis, soos al die res begin het.

35 Sê, ek het 'n nota vandag gekry, wat gesê het: "Kan jy bewys dat die Gemeentes van God begin het in—in—in Génesis?" Ek weet nie van die organisasie nie, maar die gees wat in die Gemeentes van God is, het in Génesis begin, dis presies reg. En al die ander wedergebore kerke het in Génesis begin, en al die *sogenaamde* kerke, net nominale kerke, hulle het in Génesis

begin. En hulle was albei verteenwoordig in die eerste twee seuns, beide Kain en Abel.

36 Kain het die merk van die dier ontvang en is weggestuur. Ons besef dat die slang, wat die een was wat sy—sy moeder mislei het, 'n dier was en nie 'n reptiel nie, "Hy was die listigste van al die diere van die veld." En Génesis 14, of Génesis 4:15, liewer, wat God gestuur, Kain gemerk het, en sodra Kain gemerk was, het hy uit die Teenwoordigheid van die Here uitgegaan. Het julle dit nou gisteraand gekry? Het julle dit gelees? Sodra die merk gekom het, het hy uit die Teenwoordigheid van die Here uitgegaan, en vir hom 'n vrou geneem uit die land van Nod. Nou, verstaan julle dit? Sien hoe dit is? Die kerk. Nou, God . . .

37 Kain was net soos die gewone man. Hy het gekom, hy was net soos Esau en Jakob, ons kon weer daar vergelyk. En regdeur die Bybel sien ons daardie gees opbeweeg, opkom, opkom, en uiteindelik kom dit tot 'n punt, net hier, in hierdie eeu waarin ons nou lewe, glo ek.

38 Nou, as julle sal oplet, Kain was 'n man, 'n natuurlike man van die wêreld soos Esau, en—en hy het 'n godsdienstige geneigdheid gehad, so hy het geweet daar was 'n God, hy het dit geglo. En hy het opgegaan . . .

39 Nou, sien, dis waar ek verskil van die kerke wat gesê het: "Die enigste ding wat jy kan doen, is om net te glo, en God erken dit as geregtigheid." Wel, dit—dit is waar in een sin van die woord, dis deel van die waarheid, maar nie die hele waarheid nie.

40 Goeie Baptiste broer het na my toe gekom nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, wat meer kon Abraham doen as om te glo? Abraham het geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken."

Ek het gesê: "Dis reg, maar God het hom 'n teken gegee, die seël van besnydenis dat Hy sy geloof herken het."

41 Nou, die Heilige Gees is die Seël van God. Nou, as jy sê jy glo, en nie die Heilige Gees ontvang het nie, dan het God nog nooit jou geloof herken nie. Dis reg. Omdat die Seël die erkenning is dat God Sy werk in jou afgehandel en voltooi het, dis reg, dat Hy herken het, sekerlik.

42 Iemand het gesê: "Waarom maak jy dit so los, Broer Branham, wat sê, Johannes 5:24?"

43 Dis die begin van die Gees, dis reg, Ek glo dat 'n man, sodra jy glo aan die Here Jesus Christus, dit 'n deel is van die Heilige Gees. Wanneer jy geheilig word, maak 'n ander deel van die Heilige Gees jou skoon, dan word jy gevul met die Heilige Gees. Reg. Nou: "Maar hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." Daar's net een soort Daarvan, dis God se Lewe.

44 Nou, ons let op dat Kain, hy het 'n altaar gemaak, en hy het offerande daarop gesit, hy het afgegaan en sy geloof in God bely,

en God aanbid. Met ander woorde, net soos die godsdienstige man vandag, nege-en-negentig uit 'n honderd amper, hulle sê: "*Hier* is dit."

45 "Dis die beste wat ek kan doen," het Kain gesê: "dit is, ek—ek—ek het 'n altaar gebou, ek behoort hier aan die kerk, ek het 'n offer gebring, hierdie is die beste wat ek kan doen, vat dit of los dit, daar is dit."

46 Dis net die, dis die gesindheid van mense vandag: "Ek gaan kerk toe, ek help hulle om alles te doen. Ons het 'n mooi gebou gebou, ons het al *hierdie* gedoen, en ons het al *daardie* gedoen, en alles. Ek dra by tot die weduweefonds, en ek doen *dit* alles. Daar is dit, die beste wat ek kan doen, vat dit, of los dit."

47 Maar God sal dit los, Hy het dit daar gelos vir Kain, Hy sal dit daar laat vir jou. "Daar is 'n weg wat reg lyk vir 'n mens, maar die einde daarvan is die weg van die dood." Daar is net een voorsiende weg vir God, dis af met die Bloedstroom na die Heilige Gees. Daarsonder, is jy gedaan, is jy gedaan, sal jy nooit ingaan nie.

48 Let op: "Tensy 'n mens weer gebore word, kan hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." Dis reg. Jy moet kom, maak nie saak hoe godsdienstig jy is, wat jy alles doen nie, dit het nie een ding daarmee te doen nie. Dit maak jou 'n baie goeie burger, maar nie 'n burger van daardie Koninkryk daar nie, miskien van hierdie koninkryk hier. Maar die Koninkryk van God is binne-in jou, jy word gebore in die Koninkryk. Koninkryk kom in . . . Die Koninkryk van God is die Heilige Gees, jy behoort aan daardie Koninkryk.

49 Dis waarom vroue nie hulle hare knip nie, nie kortbroeke dra nie; dis waarom mans nie sigarette rook, en sulke dinge nie, hulle is van Bo, hulle Gees leer hulle geregtigheid, heiligheid. Hulle—hulle vloek nie, hulle—hulle gebruik nie slegte taal, en dinge nie. Hoekom? Hulle is van Bo gebore, hulle is anders, hulle is van, burgers van Bo.

50 En nou, let op, maar die wêreld, hulle sê: "Wel, ek behoort aan die kerk. Ek behoort aan die Gemeentes. Ek behoort aan Vierkant. Daar is dit, beste wat ek kan doen, vat dit, of los dit."

51 As jy 'n bord sop opgetel het en dit het 'n spinnekop daarin gehad, sou jy dit nie eet nie, sou jy die maatskappy dagvaar, dit vir jou gegee het. Dis reg. Dis reg, jy sou dit doen. Jy sal dit onder geen omstandighede eet nie, maar laat net enige soort van 'n ou dogma in jou nek afgedruk word in jou siel, in elk geval, daardie liggaam gaan sterf, in elk geval. Dis reg.

52 Hier 'n tyd gelede, was ek by 'n museum, en hulle het die ontleding gehad van 'n man wat vyftig pond geweeg het, 'n honderd-en-vyftig pond, liewer, sy liggaam was vier-en-tagtig sent werd in chemikalieë. Dit het net omtrent genoeg kalk gehad

om 'n hen se nes te besprinkel, en *soveel* kalsium, en alles, alles geweeg was vier-en-tagtig sent werd.

Daar het twee kêrels daar gestaan, een het vir die ander een gesê, gesê: "John, ons is nie baie werd nie, is ons?"

Hy het gesê: "Dis reg, ek glo nie ons is nie." 'n Honderd-en-vyftig pond, jy is vier-en-tagtig sent werd.

53 Nou, jy's nie baie om mee te begin nie, is jy? Maar julle sorg beslis vir daardie vier-en-tagtig sent. Jy sal 'n vyfhonderd-dollar pelsjas daaraan trek en jou neus opsteek, as dit sou reën, sou dit jou laat verdrink. Jy sorg beslis vir daardie vier-en-tagtig sent. Ja, meneer.

54 Maar jy het 'n siel daarin wat tienduisend wêrelde werd is, en laat die duiwel enigiets daarin afdruk, en noem dit geregtigheid en godsdiens, in plaas van om God se regte weg daarvoor te volg. Dis reg. Jou siel is tienduisend wêrelde werd, jou liggaam is net vier-en-tagtig sent werd, jy sleep dit rond, sorg beslis daarvoor, o, jy skeer dit, en maak dit reg, maar goeiste, trek dit aan, maar daardie siel, jy sal dit beslis nie aantrek nie, net enigiets daardeur laat sleep wat wil.

55 Jou 'n spinnekop daarin gee, sou jy die—die restaurant dagvaar wat dit vir jou gegee het, maar 'n kerk kan vir jou sê, "Skud hand met die pastoor, sê jy glo in God, aanbid, en dis al wat jy hoef te doen." As dit reg is, dan was Kain reg.

56 Maar onthou, God het vir Kain gesê: "Aanbid soos jou broer, en jy sal goed doen." Maar hy wou dit nie doen nie.

57 Dis hoe dit vandag is, hulle wil nie God in Gees en in Waarheid aanbid nie, hulle wil net kerk toe gaan en aanbid soos die kerk sê om te aanbid. Aanbid wat God gesê het om te aanbid!

58 Jesus het gesê: "God is 'n Gees, en hulle wat Hom aanbid, moet Hom in Gees en in Waarheid aanbid." Dis reg, sit hulle bymekaar, die Woord en die Gees bymekaar. En as die Gees in die Woord is, sal die Woord Ditself manifesteer. Dis presies waarom julle onderskeiding sien, en genesings, en sulke dinge, dis die Woord wat gemanifesteer word.

59 Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie," Hy het nooit gesê gaan in die hele wêreld in en bou kerke, of maak *so-en-so* nie, daardie dinge is in orde, maar het nie gesê gaan in die hele wêreld in en *leer* die Evangelie nie, Hy het gesê *verkondig* die Evangelie. Met ander woorde, om die Evangelie te verkondig sou wees om die krag van die Heilige Gees te demonstreer (Paulus het gesê: "Die Evangelie het nie net in Woord gekom nie, maar deur krag, manifestasies van die Heilige Gees."), dit sou moes wees, net die volgende woord het gesê: "en vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Dis reg. Dit moet die Woord manifesteer.

60 En as die Gees in die Woord is, die ware Gees van God in die Woord, "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil, en dit sal gedoen word." Reg. Sien? Kom net reguit terug na die Skrif. Jy kan nie uit die Skrifte uitkom nie, Dit bring Homself reguit terug en balanseer Homself elke keer.

61 Maar Kain, hy wou iets moois hê. Nou, gisteraand het ek gesê, onthou, skoonheid, dis wat die aantrekkingskrag van die oog is. Die Katolieke kerk het lank, dit lank gelede geleer, dat deur die oog die poort na die siel is, om skoonheid te maak, ensovoorts, en mense val daarvoor, Hollywood het dit lank gelede geleer, die duiwel het dit geweet voor enige van julle het. Dis presies reg. Dis die tegnieke waaraan hy gewerk het, dieselfde ding. Vir homself 'n mooier koninkryk opgerig. Dit was altyd pragtig.

62 Selfs—selfs die duiwel, nadat die vloek oor hom gekom het, het hy 'n slang geword, hy's steeds 'n pragtige skepsel. Kyk hoe grasieus kan hy beweeg, en hoe pragtig is sy kleure, selfs sy vloek het nooit die skoonheid van hom weggeneem nie. Het julle gedink Judas Iskariot was 'n ou dronkaard, met 'n opgeslaande kraag, en hare in 'n paadjie gekam? Uh-uh, hy was 'n gladde ou, man. Ja, meneer, duiwel is te slim daarvoor.

63 Toe ek na Pigalle toe gegaan het, ek en Broer Moore, toe ek in Frankryk was, ons het gedink ons sou net daardie ou prostitute van Pigalle sien, net iets wat bedwelm is, Satan is te slim daarvoor, die mooiste vroue wat jy ooit gesien het. Sien? Hy's slim. Sonde is aanloklik, sonde is pragtig, maar dis die dood. Dis reg. Moenie na skoonheid kyk nie, kyk na waarheid, nie skoonheid nie. Dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit gaan vir skoonheid, en sterf, dis reg, want dit kry die dood. Wil nie te lank daarop bly nie, ek gaan daaroor preek.

64 Maar, egter, ons vind dat Kain toe, weggegaan het van God, en vir homself 'n vrou geneem het uit 'n ander groep, in die land van Nod. Dis presies wat die man doen wat nie sal opkom en God in Gees en Waarheid aanbid nie, hy gaan weg en kry vir hom 'n kerk wat hom sal bevredig, gaan weg. Maar onthou, Set daarna, was 'n tipe, Abel, wat die een was wat doodgemaak is, Set het sy plek ingeneem, was 'n teken van die dood, begrafnis, en opstanding van die Here, wat weer teruggesit is. Let op hoe daardie sade afgekom het, gisteraand.

65 Nou, ons gaan verder hier af en kry sommige van ons—ons Skrifte wat ons gebruik het. Seël wat die merk is, hoedat die seël gebruik is in plaas van 'n naam, dit opgesit het. [Broer Branham boots 'n seël na wat afgedruk word—Red.] En die Naam van Jesus Christus is die Seël van God, die geregtigheid van God. "Die Naam van die Here is 'n sterk Toring, die regverdiges vlug Daarin en is beskut." Is dit God se Seël? "Wat julle ook al die Vader in My Naam vra, dit sal Ek doen." Is dit reg? "Wat julle ook al doen

in woord of in daad, doen dit alles in die Naam van Jesus." Is dit reg? Alles wat jy doen.

66 En Petrus het op die Dag van Pinkster gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang," Seël van God. God se gemerkte Seël, identifikasie, is die Naam van die Here Jesus. En wanneer Jesus in jou inkom, sit dit Sy Gees in. Maak nie saak hoeveel name jy aan die buitekant daarvan sou skryf nie, as die Gees daarin is, getuig Dit van Waarheid.

67 Dan vind ons uit dat God in Eden vir Kain geneem en gemerk en hom uitgestuur het, maar Set het in die Teenwoordigheid van God gebly, en God het hom sy vrou gegee. Dis hoe die ware Kerk, Dit gebly het in die Teenwoordigheid van God.

68 O, ek wens ek kon Paul Boyd, die historikus hiernatoe bring. Terloops, hy het vir drie jaar gewag vir een van die private onderhoude. Hulle staan by die huis, hulle kom van Asië, van Afrika, van Indië, van oral af, wag vir jare vir daardie onderhoude. Wanneer hulle daarin inkom, sit ons daar totdat die Heilige Gees spreek. En vanmôre terwyl ons gepraat het, het die visioene gebreek.

69 Hierdie is evangelistiese diens, by my huis en verskillende plekke, dis waar die profetiese aangaan. Mense kom wat nie weet watter kant toe om te gaan nie, en ons wag net daar totdat die Heilige Gees, hulle sê nie een ding nie, laat die Heilige Gees die praatwerk doen. En Hy kom in, en openbaar dit, en sê vir hulle wat hulle gedoen het, wat hulle moet doen. Het net daardie een persoon alleen. En, o, hoe wonderlik God!

70 So wonderlik vanmôre, ek moes langs die waterfront afstap, daaronder, iewers, en ek het die pastoor raakgeloop daaronder toe ek probeer het, dit het my so erg geskud, probeer om my krag weer terug te kry van die groot, kragtige visioene wat ontvou, en openbaar, en vertel, en, wat jy gedoen het, wat jy nie behoort te gedoen het nie, en wat jy moet doen, en wat sal gebeur nadat jy dit gedoen het. O, dis God wat weet. En nie een keer nie, ek sal enigiemand hier teenwoordig, of enige plek, vra, is hulle ooit enigiets vertel, behalwe wat elke keer gebeur het, net presies, want Dit kan nie lieg nie, Dis God, God kan nie lieg nie.

71 O, om onder die Heilige Gees te lewe! Onthou, Set het sy vrou gekry, God moes hom sy vrou gegee het, hy het by God gebly. En nou die gelowige wat by die Bybel sal bly, en by God sal bly, dan sal hy, sal die ware Kerk die Bruid van Jesus Christus wees. Die ander sal 'n bruid van die wêreld hê, net enigiets, ons het dit gisteraand gevind.

72 En, ook, ons lees daar van waar Kain en Abel, waar hulle albei begin het, en—en toe het ons dit oorgebring in Babilon, hoe Babilon in Génesis verskyn het, en in die middel van die Bybel,

die laaste van die Bybel. Ons het gehad waar Jesus, toe Hy op die toneel gekom het, en toe Hy van die toneel afgegaan het, het Judas op dieselfde manier gekom; die antichris en die Heilige Gees op dieselfde manier gekom het. En die Skrifte daarvoor in Mattheüs 27, so, 26.

73 En dan vind ons uit hier in. . . Ons vind Israel, ons het Israel gehad en dit vergelyk met—met Moab, hoedat Israel getrou gebly het, die bloedlyn, waar. En ons vind hier uit dat Moab, 'n buite-egtelike, baie fundamenteel, net dieselfde as wat Israel was, maar Israel, wat die ware bloedlyn gehad het, het tekens en wonders gehad wat hulle gevolg het, hulle het 'n koperslang gehad, Goddelike genesing, hulle het die geroep van die Koning in die kamp gehad, hulle het 'n geslaande Rots gehad vir hulle verlossing, hulle het 'n Hemelse Vader gehad wat hulle van Bo gevoed het, hulle het 'n wonderlike tyd gehad, nie gebuk gegaan onder niks nie, net 'n interdenominasionele wat rondswerf. En hulle het hulle bespot omdat hulle nie eens 'n nasie was nie, net 'n verstrooide volk.

74 Maar, hier is dit, ek hoop julle kry dit, hulle was op pad na hulle tuisland, 'n volmaakte tipe van die ware Kerk vandag, op pad na die Tuisland. Amen. Rondgeswerf in skaapvelle, en bokvelle, en gebrek gely, ensovoorts, maar ons soek na 'n Stad wie se Boumeester en Oprigter God is. Dis hoe die ware Kerk vandag beweeg. En die groot fundamenteles soos Moab was, het uitgekom met die volmaakte offerande, soos Israel gehad het, net so fundamenteel, en alles, as wat Israel was, maar het nie die Gees gehad nie.

75 Ons gaan oor na Kain. . . na Esau en Jakob. God het gesê dat die voorkennis, dat die voorbestemming van God mag. . . Nie dat God Esau wou veroordeel nie, maar in die wete wat hy was. . . As God God is, het Hy alles geweet. Hy het elke vlooi geken wat ooit op die aarde was, Hy het geweet van elke muggie wat ooit op die aarde sou wees voor die aarde ooit geskep is, geweet hoeveel keer dit sy oë sou knip en hoeveel vet hy sou maak as hy uitgebraai is. Hy's oneindig.

76 Wie kan—wie kan sê wat oneindig is? As Hy nie oneindig is nie, dan is Hy nie God nie, en as Hy oneindig was, het Hy alles van die begin af geweet. En so daarom kon Hy uitverkies, nie omdat Hy wou nie, maar omdat Sy—Sy voorkennis Hom laat weet het wie sou, en wie nie sou wees nie. Dis waarom die hele Kerk, elke persoon wat ooit in die Wegraping sal wees, hulle naam geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, sê die Bybel. Dis reg. God het dit geweet.

77 Jesus het gekom deur die voorkennis van God, wat *weet*, en Jesus het gekom om daardie Kerk te verlos, of terug te koop. Die predikers is soos om na die dam toe te gaan en 'n net in te gooi en dit uit te trek. "Koninkryk van God is soos 'n man wat 'n net

neem en na die strand toe gaan. Toe hy dit ingetrek het, het hy—het hy waterspinnekoppe, slange, adders, paddas, en alles gehad, maar hy het vis gehad." Nou, ons weet nie wat is en wat nie vis is nie, enigste ding wat ons veronderstel is om te doen, is om die net te trek.

78 En Broer Buntain het hier die net uitgegooi vir 'n lang tyd, ek het uitgekom, my net gevat, saam met joune, Broer Buntain. Ek gooi dit daar uit en trek in, hier kom hulle op om die altaar, staan op en maak belydenis van Christus. Ek weet nie wie is bok, wie is skaap, wie is 'n spinnekop, of padda, of wat dit ook al is nie, maar God het voor die grondlegging van die wêreld geweet wie was. "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. En geen mens kan kom, tensy My Vader hom eers trek nie. Almal wat die Vader het," verlede tyd: "My gegee het, sal na My toe kom." Dis reg. Hy het dit gesê.

79 Nou, ek weet nie wie dit is nie, ek gooi net die net in, en sê: "Kom almal, wat vermoeid en belas is." En dan weet God wie is wie, ek weet nie, niemand anders weet nie, dit hang net van God af. So dis ons—ons plig om te bly voortgaan totdat Hy kom.

80 Nou, daarom maak die groot Kerk Homself gereed. En ons vind uit dat Esau en Jakob, voor enige kind gebore is, het God gesê Hy het een liefgehad, en die ander gehaat. En onthou, hulle was 'n tweeling, dieselfde moeder, dieselfde vader. Begryp dit? Tweeling. Elke herlewing bring 'n tweeling voort, doen dit beslis. Daar is 'n tweeling gebore in die natuurlike mens en die geestelike mens. Dit was destyds in die tuin van Eden, Kain en Abel, dieselfde ding, het van daar af begin, bly net aanhou afkom.

81 En kyk na die Kerk, Jesus die Pastoor, Judas die tesourier, broers, uit dieselfde stam, sovoorts, reg in dieselfde groep, dieselfde kerk, Een die Pastoor, en die ander, die tesourier, een 'n duiwel, en Een, God. Dis hoe dit gaan. Jesus het gesê: "In die laaste dae sou die twee geeste so naby wees, dit sou die einste uitverkorenes mislei as dit moontlik was." Amen. As dit moontlik was, maar dit is nie, en hulle sal—hulle sal dit nooit doen nie. Goed.

82 Maar hy ontvang die egte Seël; en die Seël van God is die Heilige Gees. Nou is ons daar om te begin waar ons gisteraand geëindig het op Eségiël die 9de hoofstuk. Hoeveel het dit gelees? Het julle groot vreugde daaruit geput? Lees dit, nou. Dis waar die profeet Pinkster vooraf gesien, en gesê het wat sou plaasvind, hy het ses manne van die hoër poort af sien kom, en hulle het slagwapens gehad. Onthou, het julle opgelet dit was slegs vir Jerusalem bestem? Net vir Jerusalem, want daar's waar die Jode. . .God werk met Heidene as individue, maar Israel is 'n volk, God se volk. Ja.

83 'n Sendeling het in my kerk gestaan (Ek hoor Broer Fred Sothmann nou en dan, sê: "Amen," daar iewers, hy's buite in

die gehoor, in elk geval, party van die broers van buite by die tabernakel.), 'n Joodse broer, het die heeltyd in Israel probeer inkom, probeer om iets vir die Jode te doen, om . . . gesê hy wou hulle wen vir die Here. En hy het na die tabernakel toe gekom nou die oggend, en hy het opgestaan toe die salwing aan was, hy het gesê: "Broer Branham, wil jou graag 'n vraag vra: Hoe sal ek ooit in Jerusalem inkom? Ek het elke manier probeer."

84 Ek het gesê: "Ek sou nie weet wat om vir jou te sê nie." Omtrent daardie tyd het die Heilige Gees beweeg, en gesê: "Dis nie so nie, want Israel sal in een dag gebore word." Altyd, ja. O, ons is naby. O, ons gaan nou daarby kom binne 'n paar minute, as die Here wil.

85 En ons vind uit dat voor die slagting plaasgevind het, luister nou, moet dit nie mis nie, voor die slagting plaasgevind het, het hy 'n Man sien kom, geklee in wit. Wat stel wit voor? Geregtigheid van die heiliges. Nou, en het 'n—'n skrywer se inkpot aan Sy sy gehad, Hy het deur die stad gegaan, eerste in Jerusalem, en 'n seël geplaas op diegene wat gesug en gesteun het oor die gruwels wat daar in die stad gedoen is. Dit reg, julle Bybellesers? En toe, toe die slagting plaasgevind het, het Hy gesê: "Moenie spaar, oud, jonk, kinders, babas, wat dit ook al is nie, vernietig alles wat nie hierdie merk het nie." Sien? Daar was niks oor nie. Hulle het óf die seël ontvang, óf hulle het nie die seël gehad nie.

86 Dis waarom ons in hierdie dag inkom, ons kom reguit daarby binne 'n oomblik hier in die Nuwe Testament, dat hulle sal . . . die Seël van God is die Heilige Gees, en sonder dit is vir die slagting [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.), sal verlore gaan.

87 Nou, ons het gisteraand Josēfus se geskrifte geneem, ensovoorts, waarna ek verwys het, en baie van die ander antieke historici. Josēfus loop- . . . het waarskynlik van die einste dae geskryf, en het gelewe naby die tyd wat Jesus van Násaret op die aarde gewandel het. Nou, en hy het daarvan gepraat, dat daardie mense wat, hy het na hulle verwys, glo ek, as kannibale, wat die liggaam van Jesus van Násaret geëet het, natuurlik was dit Nagmaal wat hulle geneem het, hy het nie geweet nie, hy's net 'n onbekeerde verstand, hy was net 'n historikus. Maar hy . . .

88 Hulle het weggeglip uit Jerusalem toe hulle daardie ding sien gebeur het, en weggegaan en opgegaan in Judéa, en weggegaan daarvan af. Maar die Jode, die groot organisasies het almal saamgekom, en teruggekom, gesê: "Ons sal in die huis van die Here ingaan. Jehova is ons Beskerming, en ons het hierin gelewe, God het hierdie huis gebou, Jehova het *hierdie* gedoen, en Salomo het die tempel toegewy, hierdie is 'n baie heilige plek."

89 Maar hulle het die Messias verwerp toe Hy na hulle toe gekom het net presies soos die profesie gesê het Hy sou kom, en die einste ding gedoen het wat die Bybel gesê het Hy sou doen,

maar Hy het nie gekom volgens hulle teologie nie. Ek hoop nie dit maak seer nie, maar ek hoop dit anker diep. En hulle kom. Hy het Sy Messiaanse teken gewys net presies soos die Bybel gesê het Hy sou doen. Hoeveel glo dit? Hy het beslis.

90 Wat was die Messiaanse teken? Hy was 'n God-Profeet. Sien? En toe, en toe hulle dit gedoen het, wat het hulle daardie Messiaanse teken genoem? Kan iemand my vertel? Wat het hulle dit genoem? Beëlsebub, 'n duiwel, 'n fortuinverteller. Omdat Hy hulle gedagtes kon onderskei, geweet het wat hulle gedink het, hulle van hierdie dinge kon vertel.

91 En die ware Jode, wat het hulle gesê was dit? "Dis die teken van die Messias." O, Natánael het gesê: "Waarlik, U is die Seun van God; waarlik, U is die Koning van Israel."

92 Gesê: "Omdat Ek vir jou gesê het Ek het jou gesien voor jy na die diens toe gekom het, dan glo jy—jy dit? Jy sal—jy sal dan groter dinge as hierdie kan sien." Sien, jy moet *eers* glo, dit glo, en dan sal jy groter dinge sien.

93 Nou, ons let op wat plaasgevind het, maar die—die—die opregtes, die groot kerke, die organisasies, die Fariseërs, die—die Sadduseërs, en Herodiane, en hulle almal, hulle het gesê: "Hy's Beëlsebub." Hulle moes iets antwoord, hulle moes hulle gemeente vertel, so hulle het gesê: "Hy's van die duiwel."

94 Nou, hou dit in gedagte, en hulle was godsdienstige manne, heilige manne, goddelike manne, wat die wêreld betref, een sonde teen hulle sou hulle gestenig word. Geleerdes, gegradueerde, kweekskoolstudente, in 'n geslag van kerkleiers, en is veroordeel, en Jesus het gesê: "Julle is van julle vader die duiwel." Dan moet jy nie die Heilige Gees veroordeel wanneer Dit jou uitroep wat jy is nie. Sien? "Blindes die blindes lei, sal hulle nie almal in die sloot val nie?" Sekerlik. Hou die Skrifte dop, hou die belofte dop, ken die uur wat naderkom.

95 Daardie dissipels gevul met die Heilige Gees, gemerk met daardie teken op hulle voorkop, daar, daardie Seël van God, hulle het begin dophou, en toe hulle sien gebeur het wat Jesus gesê het, het hulle daar uitgegaan.

96 En laat ek julle sê, julle beter uitgaan, ook, broer. Hmm! Wag tot ons klaar is binne 'n paar minute, uitvind hoe naby ons is. O, Jesus het gesê daardie selfde ding sou plaasvind net voor Sy wederkoms, "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Het dit belowe, daarby gesweer, God het, ensovoorts, so dit moet hier wees.

97 Nou wil ek hê julle moet regtig net die—die reënjas om julle hart uittrek, die sambreel laat sak, net julle Metodiste sambreel oorkant in die hoek sit, julle Baptis oorkant in die hoek, en julle Pinkster oorkant in die hoek, en kom ons kyk na God se Woord. Sien? Sit hulle nou net daar oorkant, en laat ons Daarna kyk. Sien?

98 Die Bybel voorspel deur Eségiël die profeet, en die Heilige Gees het gekom en gedoen net presies soos Dit gesê het, en selfs klein babatjies, die Bybel. . . die geskiedkundiges het gesê. . . Nou onthou, die Bybel het gesê: "Moet niks spaar nie, klein, of jonk, of oud, of almal nie." Almal wat nie hierdie Seël van God het nie, sou anders gemerk word.

99 En kyk wie was daar uitgemerk? Lewenslange manne wat hulle lewens gegee het vir die kerkleiers, priesters, en bekende manne, groot priesters, en geleerdes. Nou, hoeveel weet dis waar? Wel, sekerlik is dit. Sekerlik, is dit waar. Net soos gelee-. . . Net so heilig, net so lieflik, miskien goeie mense, burgers van—van die land, maar dis geen verskoning nie. Wanneer God iets stuur en jy nie daarin wandel nie, dan is jy uit, dis al. Óf jy doen dit, óf jy doen dit nie. Dis hoe dit was.

100 Almal wat nie in die ark ingekom het nie, het verdrink, en dit was al wat dit was, maak nie saak wie hulle was nie. Dis dieselfde ding, almal wat nie vandag in Christus is nie, sal vergaan sonder Christus. Dis waar. So jy kan nie sê: "Ek's 'n Metodis, of Baptis, of Pinkster," of enigiets anders nie, jy moet van Christus wees. En as jy van Christus is, doen jy die werke van Christus, dit getuig en bewys dat dit is. Ek. . . Dis net so duidelik soos die Skrif, ek weet hoe om dit te sê. Dis net so duidelik soos die neus op hierdie groot gesig, of groot neus op hierdie gesig van my, liewer. Dis reg.

101 Nou, let op, hoe Hy dit gedoen het. Nou, hulle was. . . Die—diegene wat gewaarsku was, het weggekom, en al die res van hulle het in die stad ingegaan, en die geskiedkundige sê, dat hulle al die gras van die boom afgeëet het. Titus het dit omsingel, die stad, stad van Jerusalem, dit was bepaal. Nou, ons tyd is bepaal vir die hele wêreld, maar hierdie was vir die stad Jerusalem net vir die Jode.

102 En Titus, toe hy ingekom het, het hy—hy die stad omsingel, hulle twee of drie jaar daarin gehou. En toe hy het, het hulle die gras van die bome afgeëet, die bas van die bome, die gras van die grond af, en selfs mekaar se kinders gekook en dit geëet. Moeders het hulle babas gekook en dit geëet, wild, mal. Toe uiteindelik, toe hy ingebreek het, het hy geslag en doodgemaak totdat die bloed by die poorte van die stad uitgeloop het.

103 'n Groot God, Wat vol liefde is, Hy is vol liefde, om liefde te wees, moet Hy oordeel hê om regverdig te wees. So Hy is 'n genadige God vanaand, maar, my vriend, wanneer jy voor Hom staan by die Oordeel op daardie donker, bewolkte Dag, sal Hy 'n God vol woede wees, die Bybel het so gesê, in Sy toorn.

104 Ek was onder aan die voorkant, en ek het geslyp van my. . . het 'n slyper daaronder gehad van klip van Colorado, hy het 'n klip gehad, en hy het die klippie geslyp, 'n klippie wat ek na my dogtertjie toe wou neem vir 'n dingetjie om om haar nek te gaan, 'n kruisie. En so, het hy gesê: "Jy slyp die. . . wys my waar om dit

te slyp." En dit was alles helder, en toe het dit gelyk soos soort van donker, soos wolke wat afgehang het, en ek het dit bo-op die kruis geplaas.

En die dame het gesê: "Waarom sou jy dit doen? Waarom slyp jy nie die mooi, duidelike deel *hier* buite nie?"

Ek het gesê: "Die kruis is nie mooi nie, dis 'n embleem van lyding en skande."

Sy het gesê: "Wel, hoe so?"

105 Ek het gesê: "Dis die wolke van God se toorn. God het Sy toorn uitgestort op Christus, Wat my plek ingeneem het op Gólgota. Hy het gesterf onder die oordele en toorn van God. God het Sy wrede oordeel op Hom uitgestort, en Hy het my plek ingeneem." Ek het gesê: "Ek was 'n sondaar, en Hy het my plek ingeneem."

En ek het opgelet dat trane in die vrou se oë opkom.

106 Ek het gesê: "Ons is sondig, en ons het geen hoop nie, maar God het geweet dat ons hierdie oordele moes verduur, en Jesus het hulle vir ons geneem. En daardie wolke wat oor die kruis gehang het, was God se toorn wat op Hom uitgestort het. En Hy het die toorn van God in Sy Eie liggaam gedra dat ons vry kon wees." O, wat 'n storie! Wat 'n waarheid! God se toorn.

107 Nou, nou sien julle hoe dit voorgestel is in Eségiël die 9de hoofstuk by Jerusalem. Nou kom ons by Openbaring. En nou wil ek hê julle wat julle potlode het om dit neer te skryf, ek wil hê julle moet Openbaring 14:6-12 neerskryf. Dis die drie laaste engele, drie engele. Na die sewe laaste engele, was daar drie spesiale engele wat gekom het. Het julle dit opgelet?

108 En nou wil ek hê julle moet oplet na daardie drie laaste engele: Die eerste engel, dis Openbaring 14:6-12, die eerste engel het die basuin van die Evangelie geblaas, en het die ewigdurende Evangelie aan die hele wêreld verkondig; die tweede engel het soort van 'n heiligheid Evangelie gepreek, sien, omdat hy gesê het dat die kerk gehoereer het; en die derde engel het uitgebrul om die merk van die dier te ontsnap.

109 Kyk, die eerste engel, by die hervorming, Luther, het die Evangelie gepreek; tweede engel, Wesley, heiligmaking, die hoerery, hy het die kerk reggeruk; maar die derde Boodskap, die Pinksterboodskap, behoort te wees, die ware boodskapper, waarsku hulle om die merk van die dier te ontsnap, deur te sê: "Wie ook al die merk van die dier ontvang, sal die grimmigheid van God, wat onvermeng uitgestort word in die beker van verontwaardiging, drink, wat uitgestort sal word op die mense."

110 Dis die einste Boodskap vandag, die derde engel, die derde Boodskap, die laaste Boodskap. Die Lutherse Boodskap van regverdigmaking, die Wesleyaanse Boodskap van heiligmaking, en die Pinksterboodskap van die Seël van God, die merk van die

dier te ontsnap, uit daardie groot mure van Babilon kom, verseël word in die Koninkryk van God.

111 Let op, die einste volgende vers, die 12de. . .13de vers: "Salig is die dooies wat in die Here sterf." Wat is die volgende? Armageddon. Kerk is dan weg na die derde engel se Boodskap. Ons het nou die dag gepreek in die kerk van daardie engele, en die sewe laaste engele gegee, en die engel se Boodskap, en hierdie spesiale salwing het gekom van daardie drie tydperke, daardie drie laaste engele.

112 Let nou op, in Openbaring 7 is Johannes weggevoer in die Gees na die Hiernamaals, en hy het hierdie sien kom, hy het gesê:

> . . .*Ek het vier engele sien staan op die vier hoeke van die aarde, en die vier winde vashou* (Nou luister goed, hou julle Skrifte gereed om neer te skryf.) *en die vier winde vashou. . .dat die wind nie* op *die aarde sou waai. . .*
>
> . . .totdat hulle *die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het.*

113 Nou, vergelyk dit met Eségiël 9. Hom sien uitkom met slagwapens en vashou, totdat die skrywer uitgegaan en verseël het.

Let nou op, hierbinne:

> *En ek het 'n ander engel sien opkom van die ooste af, met die seël van die lewende God:. . .*

114 Wat van die ooste af kom, en hy moes die diensknegte van ons God op hulle voorhoof verseël. Nou, ons weet dat die Kerk nooit diensknegte genoem word nie, die Kerk is seuns en dogters. Israel is God se dienskneg, Abraham was Sy dienskneg, Israel is God se dienskneg, maar die Kerk word Sy seuns en Sy dogters genoem. Het julle opgelet? "Hou die vier winde vas." Hoe lank? "Totdat ons die diensknegte," Israel: "van ons God op hulle voorhoof verseël het."

115 O, laat ek teruggaan op 'n bietjie geskiedenis voor ons enigsins verder gaan. Kyk wat gebeur het, nou, die dienaars van ons God, Israel, Israel is verstrooi, eenkeer in Babilon in, of, onder in die Babilon, toe, toe hulle teruggebring is, is dit die tweede keer, eerste keer was in Egipte, en toe Babilon, toe verstrooi deur die Romeinse Ryk.

116 En Jesus het gesê in Matthéüs die 24ste hoofstuk: "Leer 'n gelykenis. . ." Soos ek gisteraand begin het om julle te wys, het hulle Hom drie vrae gevra, en Hy het hulle drie vrae beantwoord. Maar toe hulle wou weet wanneer die tyd van Sy wederkoms sou wees, het Hy gesê: "Wanneer julle die vyeboom sien bot, en al die ander bome, weet dat die tyd naby is, selfs voor die deur."

117 Nou, die ou skynheilige kry dit beet, die ou ongelowige, en het gesê: "Daardie geslag het verbygegaan, die ander geslag het

verbygegaan, Hy het gelieg.” Hy het nie gelieg nie. Omdat hulle nie die geestelike toepassing van die Woord het nie. Hy het toe nie die geslag gesê nie, Hy het gesê: “Die geslag wat die vyeboom sien bot het.”

118 Kyk terug in Joël, die 2de hoofstuk, waar ek hier gepreek het nie lank gelede nie, die vier insekte, “Wat die afknyper gelos het, het die kaalvreter gevreet; en wat die kaalvreter gelos het, het die treksprinkaan gevreet.” Onthou julle dat dit gepreek is? Ek dink dit was hier in Kalifornië, by die ontbyt, ek dink dit was in Phoenix. Wat die Metodiste gelos het, het die Baptiste geëet; wat die Baptiste gelos het, het die Pinkster geëet, dit het die hele wynstok verwoes: “Maar Ek sal herstel, sê die Here, alles . . . ”

119 En kyk, daardie selfde insek is dieselfde ding, net in verskillende stadiums. Die afknyper word die kaalvreter, ensovoorts, en verder aan, en dis ’n insek. Broederliefde begin afvreet, die Bybel weggeneem, en met iets anders vervang. En ek het die vier groot dinge gegee en dit bewys deur die Skrif, die dinge wat hulle uitgevreet het, die leer van die ware Woord van God, broederliefde, soos Paulus gesê het, wat alreeds begin het, in Een Korinthiërs 13, al daardie dinge, hoe hulle dit opgevreet het, en net die Kerk reg tot ’n stompie gevreet, maar Hy het gesê: “Ek sal herstel, sê die Here,” dis reg: “al die jare wat hulle gevreet het,” en al die dinge wat hulle gedoen het.

120 Let op, Israel: “Wanneer julle,” was altyd hierdie vyeboom: “wanneer julle hierdie boom sy botsels sien uitstoot,” wat? Die geslag wat Israel ’n nasie sien word, daardie geslag sal nie verbygaan totdat alles vervul is nie. Kyk! O, sien julle dit nie? Hier, kyk na hulle. Nou, God moes altyd die Jode dryf, hulle het nooit die Heilige Gees gehad nie. Baie van hulle wou nie eers hulle profete, hulle boodskappers, glo nie, en Hy moes hulle dryf.

121 En dis wat Hy met die Heidense kerk sal moet doen, Hy sal hierdie denominasionele grense moet afbreek. Ons laat kommunisme om ons begin vreet, en dan sal ons moet saamkom. God sal Sy Woord laat vervul word, want die verbond is onvoorwaardelik, nie “As jy sal, sal Ek” nie, maar: “Ek het dit alreeds gedoen.” Dis reg. O, ek hou daarvan! Hmm! Dit laat my net godsdienstig voel.

122 Let op wat Hy nou hier gedoen het, nie “As jy sal, sal Ek,” wat—wat geëindig het toe Adam sy verbond verbreek het, en Israel haar verbond verbreek het nie, vanaf Eksodus 19, ensovoorts, maar hierdie is, verbond, is genade. God het gesweer, vir Abraham gesê, Hy het by Homself gesweer dat dit so sou wees, en Hy het ’n eed by Homself afgelê. So deur die ware Saad van Abraham is Jesus Christus, wat die genade van God is, en geen wet meer daaraan verbonde nie, nee, meneer. Wet is glad nie daarmee verbind nie, jy’s bo die wet, oor die wet, dis liefde.

Liefde is bo die wet, genade. Wet het deur Moses gekom, genade en waarheid het deur Jesus Christus gekom.

123 Wens dat ek nog 'n paar aande gehad het om te preek oor *Luister Na Hom* daaroor, op die Berg van Verheerliking, sou julle dit perfek sien, hoe God. . . ons dit neem en dit daarin werk, en wys net hoe daardie wette, en die leermeesters, ensovoorts, en wat plaasvind.

124 Maar, nou let op, Israel, God moes Farao se hart verhard om hulle die eerste keer uit te dryf. En Hy het dieselfde ding hierdie keer gedoen, Hy het Hitler se hart verhard teen die Jode, dis wat die oorlog laat begin het. Onthou, God het gesê: "Wie ook al Israel vervloek, Ek sal hulle vervloek, wie Israel seën, Ek sal hulle seën." En dit was oor die hele wêreld versprei. En toe het Hy Hitler se hart verhard, Mussolini se hart verhard, Stalin se hart verhard, al die verskillende harte van die nasie, Hy het hulle verhard, en uiteindelik die weg oopgemaak, en Israel keer terug en alreeds in haar tuisland.

125 As julle wil sien watter dag van die maand dit is, kyk op die kalender, as julle wil sien watter dag in die seisoen dit is van die koms van die Here, kyk waar Israel sit, dis God se horlosie. Daar is sy, wat in haar tuisland sit, die oudste vlag in die wêreld, die ses-punt ster van Dawid, die oudste vlag in die wêreld wapper weer vir die eerste keer vir vyf-en-twintighonderd jaar. Ja, meneer. Ja, die banier wat opgelig moes word. Israel, Palestina wat blom soos 'n roos, julle lees in die tydskrifte, en kyk hoe hulle terugkom, ver onder in Iran, ensovoorts.

126 *Look* tydskrif het artikels gehad, hoe hulle agter daardie Jode aangegaan het. Hulle sou nie op daardie vliegtuig klim nie, daardie ou Rabbi het daar uitgegaan, gesê: "Ons profeet het vir ons gesê, Jesaja, honderde jare gelede, duisende jare gelede, dat wanneer ons terugkom na die tuisland, ons sou terugkom op die vlerke van 'n arend. *Daar* staan dit." Amen. Hulle het net opgeklim en daar het hulle het gegaan.

127 Toe Broer Arganbright, een van ons broers hier, toe, o, toe hy my laat uitkom het na die Weskus toe hierdie keer, hy was daar om die foto's te neem. Ander films, het een *Drie Minute Voor Middernag*, en die wetenskap sê dis wat dit is, drie minute voor middernag. En ons kyk daar oorkant en sien al daardie Jode geplaas in hulle tuisland.

128 Lewi Pethrus, hoeveel het al ooit van hom gehoor? Die Stockholm kerk in Swede, wonderlike broer, hy het vir my gesê: "Broer Branham, die Jode het altyd hulle profete geglo." Gesê: "As jy net na Israel toe sal gaan!"

Ek het gesê: "Goed, dit lyk goed vir my."

129 Hy het gesê: "Kyk, hulle, ek het vir hulle 'n miljoen van hierdie Testamente afgestuur, hulle het van agter na voor gelees, en—en hulle het daardie Nuwe Testamente gelees."

130 Hulle het hierdie Jode gevra, hulle het gesê: “Waarvoor kom julle huis toe, bring julle pappa en mamma, en hulle wat blind, en siek is, en hulle indra, kom na die tuisland om te sterf?”

Gesê: “Ons kom om die Messias te sien.” Amen.

131 Broer, moenie bekommerd wees nie, Heiden, jou dag is net omtrent verby. Laat ek julle waarsku in die Naam van die Here: Die Heidense deur gaan net so seker toe as wat ek hier staan. Jesus het gesê die Mohammedane daar sou die mure van Jerusalem vertrap totdat die Heidense bedeling voltooi, of vervul is. Daar is sy, Israel in haar tuisland, ’n volk met haar eie leër en haar eie geld. Amen. Sy’s nou ’n volle nasie, die vyeboom stoot sy botsels uit, en het alreeds uitgebot.

132 En toe hulle daar gekom het, het hulle vir hulle hierdie Nuwe Testamente gegee, vra vir Lewi Pethrus. Hulle het hierdie Nuwe Testament gelees oor wat Jesus was, hulle het nooit van Hom gehoor nie, hulle het gesê: “As hierdie die Messias is, dan is Hy nie dood nie, laat ons Hom dan die teken van die Messias sien doen, en ons sal Hom glo. Laat ons Hom bewys sien word. Ons glo ons profete, en die Messias sal ’n Profeet wees. Laat ons Hom die teken van die Messias sien doen, ’n Profeet, en ons sal Hom as die Messias glo.” O, wat ’n perfekte opset, net perfek!

Ek het gesê: “Here, laat my gaan.”

133 En toe ek afgeklim het by Kaïro, Egipte, net voor ons daardie Koning Farouk ontmoet het, en ons, by Rome, toe het ons afgegaan na Kaïro, Egipte, ek het my kaartjie in my hand gehad om te gaan, ek het opgegaan, en hulle het klaar die vlug geroep, en die Heilige Gees het gespreek, en gesê: “Nie nou nie, dit is nog nie die uur nie, nog gerwe om op te tel.”

134 Ek kon dit skaars glo. Ek het uitgegaan agter die loods, God is my Regter, en ek het gebid, neergekniel, ek het gesê: “Hemelse Vader, net nog ’n uur of twee en ek sal in Palestina wees, ek sal daardie Jode uitdaag, en sê: ‘Het julle gesê dat as daardie Messias die ware Messias is, laat julle Hom die teken van die profeet sien doen, en julle sal Hom glo?’” Kry ’n Jood om jou te belowe, hy sal sy woord hou. “Nou, as dit die Messias van die Bybel is, dan was Hy ’n Profeet, en is Hy nog steeds ’n Profeet. Nou, as Hy die teken van die Messias doen, sal julle Hom glo?”

135 Reg op dieselfde grond, sê: “Kies vir julle ’n groep manne, en sit hulle hierbuite, iewers, vind uit of Hy nog die Profeet is, of nie—of nie. Laat hulle dit gedoen sien word. Dan net op daardie selfde gronde waar julle vaders, voorvaders, die Heilige Gees verwerp het, ’n Jood dit na die Heiden toe geneem het, hier bring ’n Heiden dit terug na die Jood.”

136 Wanneer daardie Jood die Evangelie ontvang, is die Heidense dae verby. Maar Hy wou my nie laat gaan nie. Hoekom? Ek weet nie. Hier net ’n oomblik, en ons sal julle in die Skrif wys waarom.

137 Let op, het hulle harte verhard. Nou, wanneer was daar ooit 'n totale wêreldwye stryd na daardie tyd? Was die Eerste Wêreldoorlog. Al die weermagte, die nasies, het vergader in. . . [Leë kol op band—Red.]

138 . . .hulle het geskryf oor die verval van die Eerste Wêreldoorlog. Niemand weet vandag wie ook al 'n proklamasie van vrede gemaak het nie. Keiser Wilhelm het gesê hy het dit nie gedoen nie, geen generaal het gesê hy het dit nie gedoen nie. Maar let op, hoe vreemd dit was! Dit was op die 11de November, om elfuur in die dag. Die elfde dag van die maand, die elfde maand in die jaar, die elfde uur van die dag, en elf minute voor elf.

139 Wat was dit? "Hou!" Geheimsinnig gestop. Wat het dit gedoen? God se proklamasie het uitgegaan om dit vas te hou. "Hou vas die vier winde," (*Winde* beteken: "oorlog en stryd," weet ons.) "totdat ons Israel weer terug het in Palestina. Hou die vier winde vas."

140 En dit het net daar gestop op die elfde uur, want onthou Jesus wat gepraat het van die elfde-uur mense? En die een wat ingekom het op die elfde uur, wat het Hy gesê? O, moenie dom wees nie, wees geestelik. Kyk, hoe het Hy gesê? Die elfde-uur mense het dieselfde loon gekry as die een wat in die eerste uur gekom het. Dan moet die doop van die Heilige Gees reguit teruggaan en die Jood verseël, soos die eerste een verseël is, daardie elfde-uur mense. "Hou die vier winde vas, moenie dat die wêreld vernietig word totdat ons die diensknegte van ons God op hulle voorhoof verseël het nie."

141 Dit was byna vyftig jaar gelede toe die Heilige Gees uit die ooste gekom, op die mense geval het, en die Pinkster, Azusa Strate, ensovoorts, begin het. Nou, wat gaan gebeur? Hulle moet dit vashou, nie die hele aarde vernietig nie, want Hy kon dit in elk geval nie toe gedoen het nie, maar nou het hulle die gewone bom wat die hele aarde sal vernietig. Dis reg. Hou dit vas tot wat? "Totdat ons verseël het, op die voorhoofde, die diensknegte van ons God." O, broer, daar het jy dit, daar het jy dit.

> . . .*die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het.*

En Hy gaan hier voort, en het gesê:

> . . .*Ek het gehoor hulle getal* is *verseël:*. . .was *honderd-vier-en-*. . .*veertigduisend*. . .

142 Gee twaalfduisend van elke stam. O, goeiste, sien julle nie wat ek bedoel nie? Die Skrif wat dit perfek stel. Nou, onthou, almal sonder dit, het omgekom.

143 Nou, Eerste Wêreldoorlog, Tweede Wêreldoorlog, en nou is ons gereed vir die Derde Wêreldoorlog, wat oral aan die broei is. Wat is dit? Israel is in haar tuisland, in afwagting vir

haar Messias. Die Heidense kerk, die Pinkstertydperk, Luther, Wesley, en nou het die Pinkstertydperk louwarm geword, en Jesus uitgespoeg, en Hy spoeg hulle uit, reg, die Pinkstereeu.

144 Maar net aan die einde voor die wêreld vernietig gaan word, het Jesus gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens," dat die Heidense kerk dieselfde krag sou ontvang, dieselfde engel, dieselfde getuienis, die. . .Sekerlik, kan julle dit sien, dis net so duidelik as wat dit kan wees, 'n kind kan dit sien. Sien?

145 Daar het julle dit, ons is aan die eindtyd, alles verklaar dit. Oral waar jy wil gaan in die Bybel, wat net hier lê, hierna kyk, die wêreld is senuweeagtig, wat makeer? Alles, die nasies bewe.

> Nasies wat bewe, Israel wat ontwaak,
> Die tekens wat die Bybel voorspel het;
> Heidense dae getel, met marteling wat voorlê;
> "Keer terug, O verstrooides, na julle eie." (Dis reg.)
>
> Die dag van verlossing is naby,
> Mense se harte gee in van vrees; (Dis reg, is dit nie?)
> Word gevul met die Gees, julle lampe gereed gemaak en helder,
> Kyk op! Julle verlossing is naby.
>
> Valse profete lieg, God se Waarheid ontken hulle,
> Dat Jesus die Christus ons God is.

146 O, wat is in elk geval fout met hierdie wêreld? Wat is verkeerd? O, word wakker, julle mense, en draai na God! Wat makeer julle? Kan julle nie die groot skudding van God sien, Sy Engel wat afkom, wat beweeg, wat dieselfde tekens en wonders doen, net presies wat Hy gesê het Hy sou doen, elke aand, reg voor julle nie?

147 Wel sê: "Lyk asof hulle behoort te weet bo by Washington, DC." Hy het nie na Kajafas toe gegaan nie, Hy het na Sy Eie toe gekom. Hierdie Engel het nie afgegaan in Sodom nie, Dit het nie saam met die res van die moderne Billy Graham, en hulle gegaan nie, hulle het soontoe gegaan en hulle probeer uitroep, maar hierdie Engel het by die uitverkore Kerk gebly, Abraham, die uitgeroeptes. Amen. Sjoe! Hmm! Glorie! Hoe wonderlik!

148 Wat is die Seël van God? Wat is die Seël van God? Efésiërs 4:30, "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die Dag dat die Kerk verlos word tot in die Heerlikheid nie."

149 Nou weer, wil julle nog 'n Skrif sit? Efésiërs 1:13, Paulus wat praat. Galásiërs 1:8 gesê: "As 'n Engel uit die Hemel, enigiets anders gepreek het, laat hom 'n vervloeking wees." Ja. "Nadat

julle geglo het, is julle verseël met die Heilige Gees van belofte. Nadat julle geglo het, julle . . . ”

150 Nou, Baptiste broer, Presbiteriaan, laat ek jou iets vra: Jy sê jy ontvang die Heilige Gees wanneer jy glo? Paulus het gesê: “*Nadat* julle geglo het, is julle verseël met die Heilige Gees,” daarna.

151 Handelinge 19, het Paulus ’n paar Baptiste ontmoet, Apollos, ’n bekeerde advokaat, een van Johannes se dissipels, daarbo wat die Evangelie verkondig het, groot vreugde gehad, en uitgeroep, en God geprys het, steeds het hulle nie die Heilige Gees gehad nie. Paulus het soontoe gekom, en heelnag gebly by Aquila en Priscilla, was in die tronk vir die verkondiging van die Evangelie en die uitdryf van ’n duiwel uit ’n meisie. En toe het hy gekom na waar hulle was, en hulle het hom geneem na die—na, want, hulle was tentmakers, hy het by hulle gebly, toe het hulle opgegaan na waar Apollos hierdie diens gehou het. Na die diens verby was, het Paulus vir hulle gesê: “Het julle die Heilige Gees ontvang *nadat* julle geglo het?”

Een of ander man het nou die dag gesê: “Dis nie so in die oorspronklike nie.”

152 Ek daag dit uit! Gaan kry die *Emphatic Diaglott*, en kyk of dit nie dieselfde ding sê nie, “Het julle die Heilige Gees ontvang *nadat* julle geglo het?” Net *hier* het dit gesê: “Nadat julle wel geglo het, toe is julle verseël met die Heilige Gees van belofte.” Moenie daardie louwarm bruid daar uitneem nie, kom hierin, kom in die storie in en kry dit. Kom op die koers met Christus, die Heilige Gees, hoor uit die Hemel.

“Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle geglo het?”

Gesê: “Ons weet nie, of daar enige Heilige Gees is nie.”

Gesê: “Hoe is julle gedoop?”

Gesê: “ Met Johannes s’n, is ons gedoop.”

153 Gesê: “Dit sal nie meer werk nie.” En hy het hulle beveel om weer oorgedoop te word in die Naam van Jesus Christus, sy hande op hulle gelê en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het in tale gepraat, en geprofeteer, en God grootgemaak, nadat hulle geglo het, geskree het, en ’n wonderlike tyd gehad het. Hulle het nog nie die Heilige Gees gehad nie. O!

154 Wat het Paulus gesê? “As ’n Engel uit die Hemel enige ander evangelie verkondig, laat hom ’n vervloeking wees,” want Satan kan homself transformeer. Maar bly by die Woord. Dis reg.

155 Nou, nadat jy geglo het, dan word jy Abraham se Saad, waarlik Abraham se Saad wanneer jy . . . Hoe word ons Abraham se Saad? Deur dood te wees in Christus, dan is ons Abraham se Saad, en is erfgename saam met Abraham volgens die belofte.

156 *Nadat* wat genoem is beteken: "'n voltooide werk." Nadat jy geglo het. *Nadat* beteken: "iets wat was . . . iets voor dit," dan is hierdie 'n voltooide werk. Die seël is 'n voltooide werk. Wanneer jy jou volledige brief skryf, wat dit ook al gaan wees, verseël dit met jou naam. Nadat die pakkie klaar gepak is, verseël dit. [Broer Branham boots na om 'n seël af te druk—Red.] Wanneer jy uitgaan op 'n . . .

157 Ek het destyds vir 'n rukkie saam met my pa op die spoorweg gewerk, ons het gehelp om 'n spoor in te sit. Ek het gekyk, ons sou dit daarbuite laai. Toe ons die hele trok gelaai het net so goed as wat dit kon wees, die treintrok, het die inspekteur verbygekom, en hy het dit geskud, hy het deurgegaan en gekyk of enigiets los was, as enigiets los is, het hy dit afgekeur.

158 Dis wat die probleem is met die Inspekteur wat vanaand verbygaan. Hy gaan baie van ons lewens verby, die rede waarom ons nie die Heilige Gees kry nie. O, ons mag aangaan, maak asof ons Dit het, maar die vrugte waaraan jy geken word, dis hoe jy geken word. En Hy skud en vind 'n klein los plekkie *hier* van ongeloof, 'n klein los plekkie *hier* oorkant, 'n klein los plekkie *hier*, Hy keur dit af en sit dit weer terug. Dit moet styf gepak word, amen, want jy het 'n rowwe pad om te volg. En wanneer God 'n man of vrou die Heilige Gees gee, skud Hy elke los veer in hulle uit, jy het 'n rit wat kom. Amen. Glorie! Kyk of sy reg gepak is.

159 Wat het Hy gedoen? Regverdigmaking, het Hy haar geroep; heiligmaking, Hy het haar gereinig; die Heilige Gees, het Hy haar verseël. Styf ingepak, dan maak hulle die deur toe. Wat is dan die laaste ding? Sit 'n seël op daardie treinwa tot by sy bestemming, amen, nie tot die volgende herlewing nie, maar tot by sy bestemming. Amen. "Daarom, bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die . . . "

"Die volgende herlewing wat kom?"

Nee.

"Tot jy 'n idee kry om by die ander kerk aan te sluit?"

Nee. "Tot die Dag van jou verlossing." Wanneer God jou die Heilige Gees gee, is dit 'n voltooide werk. Amen.

160 Wanneer 'n baba, ek het nou die aand gesê, uitkom, wat is die eerste ding in die natuurlike lewe? Water breek, dis in die natuurlike geboorte. Wat is die volgende? Bloed kom. Wat is die volgende? Lewe kom.

161 Dieselfde elemente wat uit Christus kom, is waardeur ons gaan na Syne, terugkom in Sy Liggaam. Wat was die eerste ding wat gekom het? Hulle het Sy sy met 'n spies deurboor, water het uitgekom, Bloed het uitgekom: "In U hande gee Ek My Gees oor."

162 Een Johannes 5:7, as julle dit wil neerskryf, het gesê: "Daar is drie wat getuig in die Hemel, die Vader, die Woord," wat die

Seun is: "en die Heilige Gees, hierdie Drie is Een. Maar daar's drie wat getuig op aarde, die water, die Bloed, en Gees, hulle is nie een nie, maar hulle stem ooreen."

163 Jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie, jy kan nie die Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie, maar jy kan geregverdig word sonder om geheilig te word, jy kan geheilig word sonder om die Heilige Gees te hê, maar wanneer dit klaar is, beide regverdigmaking en heiligmaking, word die Seël van die Here Jesus Christus, deur die doop, op jou geplaas. Amen. Het nog tien minute, ek hoop ons hoef dit nie oor te dra na môreaand nie. *Nadat* beteken: "'n voltooide werk is gedoen, alreeds voltooi."

164 Nou, nou, my kosbare vriend, ek onderskei nie tussen kerke nie, hulle is almal net dieselfde vir my, die denominasies. En as ek 'n kerk se naam hier moet noem, bedoel ek dit nie op enige manier nie, daar's net soveel goeie mense in daardie kerk as wat daar in enige is, want daar's net een Kerk. En ons sluit nie aan Daarby nie, ons het nie enige naam in hierdie Kerk nie, Dis net die Liggaam van Christus, die mistieke Liggaam.

165 Hê julle dan julle organisasies, dis heeltemal in orde, solank jy nie jou lyn *hier* onder trek, nie jou broer inlaat nie, sien, of hom veroordeel nie. Die ding, as julle sal herken dat daar 'n broer *hier* oorkant is, en 'n broer *hier* oorkant, dan is dit in die haak. Maar die mense, wanneer julle organisasie kry, bly hulle by daardie organisasie in plaas van die kruis en Christus. Sien? Daarom het hulle . . .

166 As jy 'n organisasie het, en jy trek dit op, en as jy dit laat eindig met 'n komma, "Ons glo *dit* alles, plus soveel as wat die Here aan ons sal openbaar," is dit goed, maar wanneer jy dit laat eindig met 'n punt, sterf jy net daar. En wys my een wat nie geëindig het met 'n punt nie. Dit het beslis. Sien?

167 Nie die mense daarbinne nie, nee, meneer. Die Katolieke kerk, wat die eerste georganiseerde kerk in die wêreld was, was die Katolieke kerk, vra enige historikus. Wys my waar daar ooit 'n organisasie voor dit was. Die Katoliek is die moeder van elkeen van hulle. Openbaring 17 het dieselfde gesê, gesê sy is 'n hoer, en sy is 'n moeder van hoere. Nou, kon nie seuns wees nie, hulle moes dogters wees, sodat die Protestantse hoerdenominasies saam met haar was. Dis reg. Wat is die verskil tussen hulle? Albei dieselfde. Onsedelikste vrou in Long Beach kan 'n maagdelike dogter voortbring, maar as sy die gewoontes van haar moeder aanneem, word sy wat haar moeder is. Dis net presies wat met ons Protestantse kerke gebeur het.

168 Ek gaan die aandag vestig op een denominasionele kerk, die eerste kerk wat ooit met my gepraat het oor Jesus Christus toe ek 'n sondaar was, die Sewende Dag Adventis. Die Sewende Dag Adventis het gesê die Seël van God is Sy sabbat, want 'n seël

wys 'n voltooide werk, dat Hy verseël is in die Sabbat. En om die Sabbatdag te onderhou, is 'n gedenkteken dat jy verseël is.

169 Nou, julle Adventiste weet dit, julle ken Dr. Smith, en die Huis Bybel Sirkellesings en dit alles. Ek het hulle almal in my studeerkamer, en alles van Jehova Getuies ensovoorts soos daardie, na waar wanneer hulle ook al opstaan, ek hulle punte ken, sien, ek weet waarnatoe hulle gaan. So nou, Sabbatdag is nie 'n seël nie, 'n Sabbatdag was 'n seël van God se skepping, Hy het dit toe voltooi en dit verseël, dis reg, met Sy Sabbat, maar dit was 'n tipe van die Christen Sabbat.

170 Nou, nadat Hy Sy skepping voltooi het, het Hy hulle die Sabbat gegee as 'n seël, dis presies reg, dat Hy Sy skepping voltooi het. Toe, toe Hy Sy plan van verlossing voltooi het, het Hy nog 'n Seël gehad.

171 Nou, my Adventiste broer, ek wil jou iets vra. Dis presies reg. Die Sabbat, dis soort van 'n vreemde woord. Die *sabbat*, eintlik, is 'n Hebreeuse woord wat "r-u-s, rus beteken." Dis 'n rusdag, Sabbatdag, jy hou op werk ensovoorts. God het Sy werk voltooi, het nooit weer teruggekom nie.

172 Hebreërs 4 praat daarvan daar: "Hy . . . Want God het op die Sabbatdag gerus. En Hy het gesê op 'n sekere plek, 'n ander keer, in Dawid, vandag, na so 'n lang tyd, wanneer jy Sy Stem hoor, verhard nie jou hart nie. Dan as Jesus hulle nog 'n Sabbat sou gegee het, sou Hy later daarvan gepraat het. Maar daar bly 'n Sabbat onderhouding vir die volk van God, want ons wat in Sy rus ingegaan het, het opgehou met ons werke soos God met Syne het."

173 Wanneer gaan ons in Sy rus in? Nou, julle met julle potlode, blaai saam met my na Jesaja 28:8-12. Hier is waar jy dit kry:

> . . . *gebod moet op gebod wees;* . . . *reël op reël; hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie*. (Hou vas aan dit wat goed is.)
>
> *Want met lippe wat hakkel en* met ander tale *sal* Ek *met hierdie volk spreek*.
>
> En *dit is die* Sabbat, *dit is die* rus wat Ek gesê het sou kom: En vir dit alles *wou hulle nie hoor nie*, stap weg en skud hulle koppe, ensovoorts.

174 Hy het gesê dat die seël van die voleinding van verlossing, Luther, regverdigmaking is; Wesley, heiligmaking, maar toe die Sabbat gekom het, die ware rusdag, sou dit wees wanneer "met lippe wat hakkel en ander tale sal Ek met hierdie volk spreek," en hierdie is die voltooide werk. Halleluja! Hierdie is die Seël, hierdie is die Sabbat.

175 Sien julle nie? Dis die Heilige Gees, broer. Dis wanneer jy in die voltooide werk ingaan. As jy net geregverdig is, dis als reg, dis goed; as jy geheilig is, dis goed, maar wanneer jy die Heilige Gees ontvang, is dit 'n voltooide werk, en God het Sy plan van

verlossing voltooi, en dit verseël met die doop van die Heilige Gees. Amen. O, goeiste! Hoeveel glo dit? Die Heilige Gees in elke plek in die Bybel is 'n voltooide werk, en God het Sy werk voltooi.

176 Hy het Sy dissipels geroep deur regverdigmaking, Hy het hulle geheilig in Johannes 17:17, hulle mag gegee het teen onrein geeste, hulle het uitgegaan en duiwels uitgedryf, en het verheug teruggekom, Hy het gesê: "Moenie juig omdat julle duiwels uitdryf, en hulle onderworpe is aan julle nie, maar wees bly dat julle naam in die Hemel geskryf is."

177 Ek wil jou nou iets vra, my broer: As jou naam in die Hemel geskryf is, doen dit dit nog? Nee, meneer. Nee inderdaad nie. Judas was reg by hulle. Judas was net so 'n groot eend in die poel as wat die res van hulle was. Hy het reguit aangekom deur regverdigmaking, uitgegaan deur heiligmaking, vir die siekes gebid, groot resultate gehad, maar toe dit by Pinkster gekom het, het hy sy kleure gewys.

178 En dis net presies wat die denominasionele kerke vandag gedoen het, hulle het gekom deur regverdigmaking, heiligmaking, maar wanneer dit kom by die doop van die Heilige Gees, 'n klomp tonge, en tekens en wonders, en—en Engele wat verskyn, ensovoorts, hulle wil niks daarmee te doen hê nie. So daarom is dit so naby aan mekaar dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei indien moontlik. Glorie!

179 Julle gaan my in elk geval 'n holy-roller noem, ek reken ek is. Ek het nog nooit gerol nie, maar as Hy my ooit sou sê, sou ek reguit *daar* deur kom, net so hard rol as wat ek kon. Ek sal liewer rol, as om glad nie in te kom nie, so, so goed dan.

180 Let op, broer, dit is die waarheid. Onthou, toe Jesus gekom het, Daniël, het hy gekom na die Oue van dae, die Oue van dae, Wie se hare wit was soos wol, wat beteken Hy was 'n Regter, soos al die regters 'n pruik van wit wol dra, regters.

181 Julle let op Hy was omgord in Openbaring om die bors, nie soos 'n priester *hier* onder om die middel nie, oor die bors, soos *hierdie*, as 'n regter, regterskleed, jy oordeel. Dis waarom Johannes Hom nie gesien het op enige Sabbatdag, of op enige Sondag nie, hy het Hom gesien in die Dag van die Here, die koms van die Here toe Hy Regter was, nie, geen van hierdie ander dae nie.

182 Ons sien Hom nou hier oorkant, ons sien Hom toe Hy gekom het, Daniël Hom gesien het, en Hy het gekom met tienduisende maal tienduisende van Sy heiliges. Is dit reg? En die boeke is oopgemaak, en 'n ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was, en elke mens . . . Sien? Daar kom jou louwarm kerk op, slapende maagd, Hier is die regte een saam met Hom wat uit die Heerlikheid gekom het, nadat hy by die Bruilofsmaal was. En daar was 'n sondaar. Wit Troon was, die Oordeel was gereed, Wit Troon Oordeel. O, daar het julle dit.

183 Hier kom hierdie kerk reguit op, Judas het reg rondom gewerk, het mislei deur regverdigmaking, opgewerk in heiligmaking, uitgegaan en die siekes genees, en genesingsdienste en dinge gehad, en teruggedraai, maar toe dit gekom het by die ontvangs van die doop van die Heilige Gees, het hy sy kleur gewys.

184 Nou, my Wesleyvriend, my Nasaréner, Pelgrim Heiligheid, nie om jou gevoel seer te maak nie, moenie daardie klomp mense mal noem wat in tale praat nie, moet hulle nie 'n klomp holy-rollers noem, en—en so aangaan nie, want net daar het Judas reguit opgekom.

En julle sê: "Totale heiligmaking is die Heilige Gees."

185 Ek verskil van julle, heiligmaking is wat die glas reinig, die Heilige Gees is wat die glas vul. Dis presies reg. Reg.

186 *Hier* is 'n—'n glas. Wat as ek dit *daar* buite vind? Dis vol modder, buite in die hoenderwerf, iewers. Sal julle vroue gaan en bietjie water daarin gooi vir julle man? Wel, ek sou nie jou man wou wees, maar, dan as jy dit gedoen het nie. Wat is die eerste ding wat jy doen? Jy tel dit op uit die modderklei, dis regverdigmaking. Wat doen jy dan? Jy neem dit in en sit dit deur 'n proses van kook, en steriliseer, en maak dit skoon.

187 Wat beteken *heiligmaking*? Dis 'n saamgestelde Griekse woord wat beteken: "om gereinig te word en opsy gesit te word vir gebruik." Dis reg. Die woord *heiligmaking* in die Engels beteken: "skoon maak," in Hebreeus beteken dit: "heilig maak." En—en in die—die Grieks, beteken "heilig maak." *Heiligmaak*, *reinig*, en *heilig* is dieselfde ding. Dit is wat? Geheilig, en opsy gesit vir gebruik.

188 "Maar salig is julle wat honger en dors na hierdie geregtigheid, want julle sal vervul word," in gebruik geneem en verseël: "tot die Dag van julle verlossing." O, dis die Seël van die Heilige Gees, broer, dis die Seël van God. Dis reg, verseëling.

189 Nou, die Jode is die volgende wat Dit ontvang. Die Pinksters het dit gehad, die Metodiste, Baptiste, almal wat uit verskillende organisasies gekom het, net hier sit vanaand. Ek's self 'n Baptis, of was, ek's nog steeds 'n Baptis, maar ek's 'n Pinkster-Baptis met die Heilige Gees. Ek's 'n Nasareense-Pinkster-Presbiteriaanse-Baptis. O, julle weet wat ek bedoel, alles daarin. Wat dit is, is die Heilige Gees, wat die verskil gemaak het, dit wat my verseël het in die Koninkryk van God in.

190 Dis wat elke Metodis, elke Katoliek, elke Presbiteriaan verseël het. Ons is almal menslike wesens, en deur een Gees, het ons nie almal aangesluit by een kerk, deur een hand word ons almal ingeskud, een water nie, maar deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam deur die Heilige Gees, en verseël tot die Dag van ons verlossing. Amen. Dis die Heilige Gees.

191 Nou, glo julle dit? Nou, onthou, op die aarde gaan daar net twee klasse mense wees. Ek word nou laat, moet net afsluit. Glo julle? Hoeveel glo dat die Heilige Gees die Seël van God is? Nou, onthou, ons het daardie vir-en-teen reguit saamgebring, hierdie ander louwarm kerk, net 'n denominasionele broer (Sien wat ek bedoel?) wat langs die kant voortgaan.

192 Net soos dit daar oorkant sê, baie word ontsteld in daardie Hebreërs daar. Sien? "As ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir sondes meer oor nie." Neem 'n moeder, soos. . .

193 Iemand het my gevra: "Wat beteken dit? 'As ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sonde meer oor nie.'"

194 Wel, hy het nog nooit daarin ingekom nie. Dis reg. Hy het net die kennis daarvan ontvang.

195 Net soos in Israel, toe Israel begin oorgaan het in die beloofde land in, het hulle die spioene uitgestuur, twee van hulle het teruggekom, gesê: "Ons kan dit inneem," Josua en Kaleb.

196 Die ander een het gesê: "Nee, ons kan dit nie doen nie." So hulle het net daar op die grens gebly totdat hulle gesterf het, en die een wat die belofte geglo het, het ingegaan.

197 Soos 'n vrou. . . 'n Seun kry 'n roeping in sy lewe, hy het gesê: "Wel, Mamma het oor die wasbord gewas om my skool toe te stuur, ek wil 'n prediker wees."

198 Goed, en hy word 'n prediker. Hy gaan weg en kry sy Ph.D., of 'n doktorsgraad, of wat hy—hy kry, en hy kom terug, sy Baccalaureus Artium, of wat ook al, hy kom terug, in elk geval, hy is 'n prediker. Dan begeer hy altyd, en dinge, in sy kerk, die dames, en die verskillende dinge, miskien rook hy, en hy weet hy behoort dit nie te doen nie. Sê: "God, dit lyk nie goed vir 'n man van God nie, neem dan daardie ding van my af weg." Hy word geheilig.

199 Hy kom weer reguit na die grensgebied toe, kyk reguit oor en sien die doop van die Heilige Gees, maar hy sê: "As ek dit doen, sal die denominasie my uitgooi." Gaan terug, en sterf dan in die grensgebied as jy wil.

200 "Hy wat sondig. . ." Wat is *sonde*? "Ongeloof." Ek wil hê iemand moet vir my een definisie van sonde sê behalwe *ongeloof*. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Dis reg. "Hy wat. . ." Jy kry nie eers die eerste. . . Wat as. . .?

201 Om owerspel te pleeg is nie 'n sonde nie, sigarette rook, en drink is nie 'n sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof. As jy 'n gelowige was, sou jy dit nie gedoen het nie. Sien? Dis reg. Dis presies reg. Sien, daar is dit, ongeloof. Wat is dit? "As ons opsetlik nie glo nie," dis jy hierbuite vanaand Presbiteriaan, Metodis, of jy sonder die Heilige Gees. "As ons opsetlik nie glo nie, nadat ons

die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir sonde meer oor nie."

202 Jy draai jou rug op God, wat doen jy dan? Seël jouself weg, en neem die merk van die dier, en gaan weg soos Kain het, uit die Teenwoordigheid van God. Dis skokkend, is dit nie. Kom reg tot by die grens, en glo dit dan nie, jy glo dit, maar jy's bang om dit te neem.

203 "Hy wat opsetlik sondig," opsetlik nie glo nie: "nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het..." Haal dit aan saam met my: "Hy wat opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sonde meer oor nie. Maar 'n verskriklike verwagting van die vurige oordeel."

En—en: "Ek sal vergeld, sê die Here." En: "Dit is 'n verskriklike ding om in die hande van die lewende God te val."

204 Nadat dit reguit na jou toe gebring is en jou gewys het dat dit die Seël van God is, en net as gevolg van aansien, jy iets sou moes opgee, of jou denominasie moet verlaat, of—of iets om dit te ontvang, en dan wegloop daarvan, weet jy wat jy doen? Jy seël jouself uit die Koninkryk, merk van die dier.

205 Toe God vir Abel gesê het, of, vir Kain gesê het, gesê het: "Gaan net soontoe en aanbid soos jou broer, bring 'n lam, kom hiernatoe, aanbid soos jou broer," gesê: "jy sal goed doen. Maak soos jou broer maak, jy sal reg wees."

Maar hy wou dit nie doen nie, gesê: "Hierdie is die beste wat ek kan aanbied, U kan dit vat of dit los." En hy is gemerk, en het uit die Teenwoordigheid van God uitgegaan.

206 Nou, dit mag seermaak, maar, broer, wanneer ek daar kom op daardie groot, stormagtige oggend, vuur wat oral val, en mense wat skree en huil, en ek die ou Reddingsboot hoor blaas, wil ek seker wees my kaartjie is reg, broer. Soos die ou gekleurde man gesê het: "Here, ek—ek—ek het dit lank gelede met U uitgepraat, ek wil geen probleme by die rivier hê nie." Dis reg. Ek wil geen probleme by die rivier hê nie, nee, meneer. Jy beter dit nou regmaak.

207 Nou, na hierdie aand is dit op julle hande. "Hy wat dit opsetlik nie sal glo nie, nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het," die engel van die Here sien kom het, wat alles op die laaste dag bewys het, die ewigdurende Evangelie gesien het wat verkondig is deur Luther, heiligmaking gesien het wat verkondig is deur John Wesley, en nou die Evangelie hierbinne wat julle waarsku teen die merk: "Moenie wegdraai nie, kom nader aan Christus."

Julle sê: "Nou, Broer Branham, dis die merk?"

208 Ja. Laat ek vir julle 'n Skrifgedeelte hier gee net vir 'n oomblik. Ek wil hê julle moet saam met my blaai na Eksodus,

of julle hoef nie, merk dit net af, Eksodus 21:6. As 'n slaaf uitverkoop was, en daar het die jubeljaar gekom. . .

209 Die jubeljaar, het die jubileumpriester die basuin geblaas. Hoeveel weet dit? Die basuin was die basuin, en hy het dit geblaas, en wanneer hy het, kon elke slaaf vry gaan, terug na sy huis.

210 As hy buite in die veld was besig om te kap met die skoffel, en iemand hier wat hom met 'n sweep slaan, en hy hoor: "Wat was dit? Wat was dit?"

Evangelie basuin wat blaas, die goeie nuus.

211 Daardie skoffel neergegooi en reguit omgedraai, sê: "Jy regeer nie meer oor my nie. Gaan huis toe na my vrou en kinders. Ek is hier in slawerny verkoop, maar hoor jy daardie basuin wat blaas? Dit beteken dat ek 'n Hebreër is, ek het 'n reg, ek's 'n geboortereg man, ek het 'n reg, ek kan vrygaan sonder enigiemand se geld."

212 Nie "As jy *dit* sal doen, of jy *dat* doen nie." Sien die hele ding was genade. Amen. Nie "As jy wil" nie, maar: "As jy die basuin sal hoor, die jubeljaar." Die Here het die aangename jaar verkondig, die Jubeljaar. Hoe ons kon (maar ek hou daardie horlosie dop) ingaan daarop.

213 Maar as julle die basuin hoor! Sien, deur te *hoor*. Waardeur kom geloof? Deur die gehoor. Nou, nie—nie net met jou oor te luister nie, maar as jy *hoor* beteken dit jy dit verstaan, jy dit aanvaar. "Ek hoor jou, ek glo dit." Sien? Dis om te hoor.

214 Stéfanus het gesê: "Julle hardnekkige, onbesnede van hart en ore!" Sien, onbesnedenes, hulle kon dit met die ore hoor, maar onbesnedenes, hulle kon dit nie glo nie. Sien? "Onbesnedenes van hart en ore," dit te verstaan.

"O, dis alles 'n verborgenheid vir my," (Soos Kain: "Vat dit of los dit.") "Ek het by die kerk aangesluit, dis so goed as wat ek kan doen."

215 Goed, Kain, jy sal merk met die dier, en reguit aangaan in jou denominasie. Broer, jy kan na Christus toe kom en verseël word deur die Heilige Gees. Jy kan jou keuse maak.

Nou kyk, julle hoor die Evangelie basu-. . .Wat is die Evangelie basuin? Die goeie nuus, die Heilige Gees is hier.

"Hoe weet jy Dit is?"

Kyk hoe Dit werk, kyk wat Dit doen. Dis die goeie nuus.

Nou, wat as hierdie man gesê het, wat geskoffel het, gesê het: "Wel, ek glo nie ek wil gaan nie."

216 Uh-oh, deur dit te weier, wat het hulle gedoen? Hulle het geneem, sy baas moes hom dan afneem na die Metodiste, Baptiste, Pinkster, of Presbiteriaanse kerk, en hom na die—die

muur toe neem, en sy oor teen die muur sit, en 'n els neem en 'n gat in sy oor boor en hom merk. En hy was nooit weer vry nie.

217 En as jy die waarheid hoor en wegdraai daarvan, dan is jou oor verstop en sal jy dit nooit weer hoor nie. Jy sal uit die Teenwoordigheid van God uitgaan, sê: "My moeder was Presbiteriaans, ek's net so goed soos die res van hulle."

218 Jou moeder het gelewe in al die Lig wat sy gehad het, maar dit is nie jy nie. Dis reg. Kajafas het gelewe in al die Lig wat hy geken het, maar Jesus was op die aarde op daardie tydstip. Al daardie Ortodokse gelowiges, hulle—hulle het hulle groot organisasies gehad, denominasies, en alles, hulle het gewandel in al die Lig wat hulle gehad het, maar die Lig was reg voor hulle, maar hulle was hardnekkiges, onbesnede van hart en ore, wou dit nie doen nie. En toe het God hulle verseël. Hulle het hulle net daar in Jerusalem verdoem, en gesterf, hel toe gegaan. Dis reg.

219 Maak jou keuse. Glo in die Here Jesus Christus, en word gevul met die Heilige Gees. "Word vervul met Sy Gees, julle lampe gereed gemaak en helder."

Dit sal Lig wees in die aandtyd.

220 Dis reg. Terwyl Aandligte skyn, waarom ontvang julle Dit nie? Waarom kom julle nie Daarnatoe nie? Moenie verseël word nie, moenie dood sit nie, glo in die Here Jesus Christus, en word verseël in die Koninkryk.

221 Wat is die merk van die dier? Om die Heilige Gees te verwerp, sien, die grenslyn, sien, nadat hy eenmaal tot die kennis van die waarheid gekom het. "Want dit is onmoontlik vir hulle wat eenmaal verlig is," sien: opkom na die kennis van die waarheid, en omdat hulle die waarheid sien, en die kennis daarvan sien, en sien dis hier, sien dit werk, sien dis reg, en 'n kennis van die waarheid het, en dan weer wegdraai, "bly daar geen offer vir sonde meer oor nie."

222 Net soos Kain aan die begin, so sal dit wees aan die einde, dis Hebreërs die 10de hoofstuk, en sal weggemerk wees van die Teenwoordigheid van God en 'n Baptis, Presbiteriaan wees, of 'n Pinkster net deur denominasie, die res van hulle dae. Hulle sal die denominasie dien in plaas van om Christus te dien, hulle geloofsbelydenis dien, 'n Katoliek wees, 'n Metodis wees, 'n Protestant wees, of wat jy ook al mag wees. Maar as jy . . . nie . . . As jy van Christus is, is jy verseël met die Heilige Gees, jy is nie, jy sal een van hierdie dae gemerk word, en net, jy sal luister na jou organisasie, dis al wat jy ooit sal weet, en veroordeel word aan die einde.

223 Ons Hemelse Vader, die ure word donker, tyd is op hande, "Nasies verbrokkel, Israel ontwaak, elke teken wat die Bybel voorspel het," gaan gebeur. U het al hierdie dinge belowe, en U het gesê dit sou gebeur, ons weet dat dit waar is. Ek bid, Vader, dat U vandag genadig sal wees, en die verlorenes sal red. Skenk

dit. En mag hulle verseël word met die Heilige Gees en nie die Verlosser van hulle sal wegwys nie. Skenk dit, in Jesus' Naam. Amen.

O, goeiste! Ek weet ek het die waarheid vertel, ek weet. "My skape sal My Stem hoor," het Jesus gesê, soos Hy daar gesê het. Die teken . . .

"Hoe weet jy Hy's hier?"

224 Luister, die Heilige Gees is net hier nou, ek hoor Hom in tale praat, uitlê, ek sien Hom tekens en wonders doen. En Hom selfs sien . . . En die laaste teken moes die Messiaanse teken wees. Jesus het gesê: "Net . . . "

225 Wat was die laaste teken wat Abraham gehad het net voor Sodom verbrand het? Daardie Engel het daar gestaan, God Self in vlees. Ons het dit geneem, het ons nie? Abraham het Hom, *Elohim*, God genoem. Het daar gestaan as 'n Vreemdeling, en kyk wat Hy Abraham genoem het, Abraham sy nuwe naam genoem, wat hy net 'n paar dae tevore gekry het, in plaas van *Abram* was hy *Abraham*. Het Sara haar prinsesnaam genoem: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Hoe het Hy geweet hy's getroud, en hoe het Hy geweet hy het 'n vrou, en hoe het Hy geweet sy naam was Sara?

Gesê: "Sy's in die tent agter U."

226 Gesê: "Ek gaan," *Ek*, persoonlike voornaamwoord daar: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe. Jy weet Ek gaan dit doen, Ek het jou belowe. Jy het vir vyf-en-twintig jaar daarvoor gewag."

En Sara, in haar hart, het gelag, en gesê: "Sou ek ooit plesier hê met my Heer, siende dat ek oud is en die jare van swangerskap verby is? Hy's ook oud."

En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag, in haar hart gesê: 'Dit kan net nie gebeur nie'?"

227 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

228 Hoe het Hy—hoe het Hy die nasies veroordeel?

Toe Hy voor Petrus gestaan, en gesê het: "Jou naam is Simon, jy's die seun van Jona."

Hy het gesê: "O, dis, dis reg!"

Toe Filippus gekom, Natánael gekry, vir Natánael vertel het, gesê het: "Niks goeds kan uit—uit Násaret kom nie."

Gesê: "Kom, kyk."

En toe hy gekom het, na hom gekyk het, het Hy gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

229 Het in die pad opgegaan na Samaria. Dit was die Jode, nou die—nou die Samaritane. Nie Heidene nie, ons het nie gesoek na enige Messias nie, ons het 'n knuppel op ons rug gehad, ons was heidene, sien, het afgode aanbid, so Hy het dit nie gedoen voor Heidene nie. Maar as Hy dit aan die Jode en Samaritaan gedoen het . . . Daar's net drie rasse, Gam, Sem en Jafet se mense. Nou, as Hy dit gedoen het aan die Samaritaanse vrou . . . Hy het na haar toe gegaan, Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Ag, dis nie die gebruik vir U, as 'n Jood, om 'n Samaritaanse vrou so-iets te vra nie."

En Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat!" Gesê: "Gaan, haal dan jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Dis reg, jy het vyf gehad."

230 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet, ons—ons het goeie leraars onder in ons land, hieronder in Samaria, ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy dit sal doen, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Sy het in die stad ingegaan, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

231 En die Bybel het gesê hulle het geglo dat Hy die Messias was as gevolg van wat Hy vir die vrou gesê het. Sy het meer van God geweet as die helfte van die predikers van Hollywood, waar, dis reg, al was sy in haar toestand, omdat sy geleer was deur die Heilige Gees. Daar het julle dit. Hy's God, Hy's nog steeds God, Hy is beslis.

232 Kyk na hom in die boom daardie oggend toe hy afgekyk het, Saggéüs sou wegkruip, om te sien waar hy was. Toe Hy verbygekom het, het Hy, wel, gestop, en gesê: "Saggéüs, kom af, Ek gaan huis toe saam met jou vir middagete."

233 Kyk na blinde Bartiméüs wat Hom daarbuite aanraak: "U Seun van Dawid, wees genadig!" Het vir Jesus gestop, en al daardie geraas wat aangegaan het. Sien, Hy het dit geweet.

234 Kyk na die vrou wat Sy kleed aangeraak, weggehardloop en gaan sit het. Sien? Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

235 Petrus het Hom bestraf, gesê: "Waarom so-iets sê? Kyk na die mense hier, wat handskud met U, en U *Rabbi* noem, of sovoorts. Waarom het U so-iets gesê?"

236 Gesê: "Maar Ek het swak geword, krag, krag het van My uitgegaan." Hy het rondgekyk, die vroutjie gesien wat dit gedoen het, gesê: "Jou geloof het jou gered, jou bloedvloeiing is verby."

237 Nou, Hy het daardie selfde ding belowe by die afsluiting van die Heidense tydperk. Hoeveel glo dit? Het dit in die Bybel belowe. Nou, hou Hy Sy beloftes? Dis reg. Ek daag julle uit om dit te glo. Amen. Dis hoeveel ek weet Hy is hier. Glo julle dit? Julle moet net geloof hê, en dit nie betwyfel nie, glo julle dit. Die Bybel het gesê: "As julle kan glo." Is dit reg? Glo in die Here Jesus Christus.

238 Daardie vrou wat net daar sit, bid vir haar dogter, wat interne bloeding het. Glo jy met jou hele hart? Goed, dan kan jy kry waarvoor jy vra. Amen.

Ek ken nie die persoon nie, het hulle nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy met jou hele hart?

239 Reg agter, ver daaragter, sien julle nie daardie Lig wat net daar oorkant staan nie? Dis oor 'n gekleurde vrou wat in hierdie laaste ry sit, daaragter. Sy het 'n blouerige rok aan met 'n rooi, soort van 'n wit kraag. Sy bid vir 'n swaer wat kanker het. Dis SO SPREEK DIE HERE. Staan daaragter, vrou, wie ek ook al geroep het. Dit is waar, is dit nie? Gaan he-. . .Soos jy geglo het, laat dit so wees.

Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie, ek hou my hande op, ek het haar nog nooit gesien nie. Glo julle Hy's hier? Wat het sy gedoen? Sy het Iets aangeraak.

Ek sal my rug draai. Sê: "Jy kyk na hulle, sielkunde."

Luister, glo. Laat die Here God Homself as God wys.

240 Nou sien ek 'n man voor my staan. Ek spreek net, en, wie dit ook al is. Die man ly aan 'n hartprobleem. Hy het 'n donker pak aan, en een of ander soort klein kolonel-dassie. Hy's 'n klein mannetjie. Is hy al op sy voete? Sy naam is Cotes. Glo met jou hele hart, en ontvang jou genesing as jy met jou hele hart sal glo. God seën jou, gaan huis toe, word genees.

Glo julle? Ek hou my hand op, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie.

Glo julle? Lê dan julle hande op mekaar. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

> Dit sal Lig wees in die aandtyd,
> Die pad na die Heerlikheid sal julle sekerlik vind.

241 Glo julle dit? Nou, bid vir mekaar. Sit jou hande. . .Bid vir mekaar, en julle kan genees word, julle hoef nie eers 'n gebedsry môre-aand te hê nie.

242 Die Seël van God is die doop van die Heilige Gees, die merk van die dier is om Dit te verwerp. Ontvang julle die Heilige Gees!

243 Hoeveel wil die doop van die Heilige Gees hê? Staan op julle voete. Hoeveel wil verseël word in die Koninkryk van God deur die Heilige Gees? Staan op julle voete. Staan op en ontvang dit.

Dis reg. Bo in die balkon, moet Dit nie weier nie, staan op julle voete, ontvang die Heilige Gees. Amen. Staan op, glo dit.

244 Nou, julle almal wat die Heilige Gees het, kyk wie daar staan, staan op, en lê julle hande op hulle. Staan op, en lê julle hande op hulle wat die Heilige Gees soek.

245 Laat die predikers hulle hande na *hierdie* kant toe uitstrek. "En hulle het gestuur en Petrus en Johannes gekry, en hy het sy hande op hulle gelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom."

246 Here Jesus, ek vertrou hierdie diens toe aan U. Vul hulle met die Heilige Gees, Here. Genees hulle, in die Naam van Jesus Christus. U is hier.

61-0217 Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God #2
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org